KOMMISSIE HERVAT OP 16 MEI 1990:

FERDI BARNARD, nog steeds onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. LUITINGH: Daar is nog net drie aspekte wat ek graag met die getuie wil opneem. Mnr. Bar-nard word u huidiglik deur die BSB 'n salaris betaal?-- Nee.

Enige gelde hoegenaamd, kommissiegelde, werk wat u dalk vir hulle nog steeds doen? -- Nee.

Geen betaling van hulle op hierdie stadium nie? -- Ek ontvang geen betaling van hulle af nie.

Wanneer het dit opgehou? -- Wel, soos ek reeds getuig het my laaste gelde wat ek van die BSB ontvang het was gedurende Junie 1989.

Dan die tweede aspek wat ek net graag met u wou opneem, hierdie sakboekie wat u gehad het en wat ons nou gister in insae gehad het, daaruit blyk dat daar omtrent geen ondervra-ging gedurende hierdie periode was nie? -- Dit is korrek.

So ten opsigte van die emosionele toespraak van artikel 29 wat u gehad het is daardie nie betrekking op hierdie periode ten minste nie. Is dit nie reg nie? -- Die artikel 29 toespraak waarna u verwys, verwys ook na die omstandighede van aanhouding. Met ander woorde, die toesluittydperk, die tydperk, die tydperk wat ek geen kontak met persone en dies meer gehad het nie.

Maar u is nie vir sewe of agt uur per dag ondervra gedurende hierdie periode nie?-- Nie op daardie tydperk nie, nee.

En dan laastens net, is dit korrek dat 'n AK47 by u gekry is deur die polisie? -- Ek wens om geen vrae in hierdie verband te antwoord nie, aangesien dit my moontlik mag inkrimineer.

Wel/...



Wel vrae, as ek dit nie mis het nie, wel dan wil ek dit aan u stel dat daar sal getuienis wees in hierdie Kommissie en ek wil

u die geleentheid gee om kommentaar daarop te lewer, sal daar getuienis gelei word dat daar 'n AK47 by u gekry is.

Wil u kommentaar daarop lewer? -- Nie op hierdie stadium nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Voor u in terme van artikel 29 aangehou is, wat het u van Chikane geweet? -- Wat ek van Chikane geweet het is wat ek in die koerante gelees het, want hy is 'n veelbesproke karakter en figuur in die politiek. Daar is baie van hom in die koerante en soos ek alreeds gemeld het in my getuienis-in-hoof het ek sy naam gemerk op 'n lys wat deur my koördineerder verskaf was as 'n persoon wie aan my bekend was.

Het u van sy vergiftiging kennis gedra? -- Korrek, ek het dit ook in die koerant gelees.

Nou gedurende u aanhouding wat is deur brigadier Mostert aan u gestel in verband met Chikane? -- As ek reg onthou het brigadier Mostert geen vrae met betrekking tot Chikane aan my gestel nie, maar wel sy ondersoekspan het in dié verband aan my vrae gevra.

Watter, net een vraag? -- Ek sou sê verskeie vrae.

Watter vrae is dit? -- Hulle het aan my gevra of ek hom ken en of ek enige kennis dra met betrekking tot mnr. Chikane se vergiftiging, waarop ek geantwoord het dat ek wel dit gelees het in die koerant. Dit was algemene kennis.

En wat nog? -- Dit is al.

Enigiets anders van belang? -- Nie wat ek kan onthou nie, nee.

Het u ooit vir hulle vertel van gif op 'n toiletsitplek?

-- Nee/...



-- Nee, ek het nie.

Nou brigadier Mostert het daarvan getuig dat u wel vir hom gesê het dat gif op sy toiletsitplek geplaas was. -- Ek ontken die bewering ten sterkste.

So die enigste afleiding wat 'n mens kan van u getuienis maak is dat hy dit net opgemaak het?-- Dit is korrek.

Of mense van sy ondersoekspan het? -- Dit is korrek, want ek het nooit so 'n bewering aan hom gemaak nie.

Nou net een ander aspek was u ooit aan Peaches Gordon voorgestel? -- Bedoel u deur 'n lid van die BSB?

Deur, ja? -- Korrek ja, ek was aan hom voorgestel.

U het hom geken? -- Ek het hom geken as Peaches, korrek.

En het u saam met hom gewerk? -- Ek het net op een stadium hom gesien en hy het my geneem saam met, vergesel van Slang van Zyl om aan ons 'n adres wat vermoedelik advokaat Abdullah Omar s'n sou wees wie ek moes monitor, uitgewys.

En onder watter naam het hy u geken? -- Hy het my onder die naam Andrew geken.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. GOOSEN: Mnr. Barnard, daar is gister die indruk geskep .... (tussenbei)

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter ek is jammer, ek dink mnr. Goosen wil miskien laaste gevra het, ek het net 'n enkele vraag of twee wat ek ook aan mnr. Barnard wil stel.

VOORSITTER: Ekskuus. O, ja gaan maar voort.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Toe u, nou nadat u dienste, hetsy permanent of tydelik, beëindig is weer genader is deur mnr. Van Zyl om dienste vir die BSB te verrig is u nie weer in diens geneem, amptelik in diens geneem van die BSB nie. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

U het nie salaris gekry nie, u het nie weer 'n

dienskontrak/...



dienskontrak onderteken of enigiets dergliks nie? -- Dit is heeltemal korrek.

En u is ook nie gesê dat u toegedeel is aan 'n spesifieke

streek met spesifiek take of verpligtinge nie? -- Dit is so.

En u het ook nie kennis gedra, u was ook nie weer in ver-binding met die topbestuur wat u aanvanklik genader het in verband met dienslewering vir die BSB nie. Is dit korrek, die Van Staden persoon wat u ontmoet het? -- Dit is korrek.

Die enigste persone met wie u skakeling gehad het by hierdie tweede geleentheid was mnr. Van Zyl en ek dink u het gesê Botha, né? -- Korrek.

KRUISONDERVRAGING DEUR NR. VISSER: Mnr. Barnard, verstaan ek dit korrek dat die polisie, ek sal seker moet herhaal mnr. die Voorsitter - mnr. Barnard, verstaan ek u getuienis korrek dat die polisie eintlik op u spoor gekom het as gevolg van 'n ver-bintenis wat u gehad het met mnr. Acheson in Suidwes-Afrika? -- Daar is aan my gestel dat die verbintenis was dat my pagernommer in sy besit gevind was.

En dit het aanleiding daartoe gegee dat u onderwerp was aan ondervraging voordat u gearresteer was deur die polisie? -- Dit is korrek.

En u het sekere inligting aan die polisie in daardie stadium gegee? -- Ja, ek het vals inligting aan die polisie gegee op daardie stadium.

Was deel van daardie inligting, inligtin wat gehandel het oor 'n groep mense wat sekere dade gedoen het? -- Dit was oor 'n groep sakemanne wat sekere persone gesoek het om inligting in te win.

Ja, was dit ook deur u genoem gewees dat daar politiek by betrokke was, dat dit gerig was dat hierdie mense opgetree het

teen/...



teen sogenaamde linkse elemente? -- Nee, ek het nie dit gesê nie, wat ek wel gesê het is dat dit ekonomies gerig was.

En u is toe inderdaad op 31 Oktober 1989 gearresteer kragtens die bepalings van die Strafproseswet. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

En op 2 November 1989 is u aanhouding oorgeskakel na artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, aanhouding? -- Dit is korrek.

Het u toe drie of vier verklarings gemaak, skriftelike verklarings terwyl u onder artikel 29 aangehou was? -- As ek reg onthou, het ek vier skriftelike verklarings gemaak.

Ja, wel ek het drie van hulle nou te siene gekry na aan-leiding van 'n versoek wat ek ontvang het, ek sal later die Kommissaris daaroor toespreek, maar wat ek vir u wil vra is dit: Het u - wel die eerste verklaring wat u gemaak het, sal u saamstem was gemaak op 22 Novemer 1989? -- Dit is korrek.

Sou u saamstem dat die tweede verklaring gemaak is op 6 Desember 1989? -- Dit is ook korrek.

Dan is daar 'n verklaring wat u gemaak het op 20 Desember 1989? -- Dit is moontlik. Ek kan nie spesifiek daardie datum onthou nie, maar dit is moontlik.

Is dit korrek om te sê dat u in die eerste verklaring een van 22 Novemer 1989 inligting gegee het wat u nog nie aan die polisie verskaf het voor u arrestasie nie? -- Korrek.

Is dieselfde dan ook korrek wat betref die verklaring van 6 Desember 1989?-- Ja, ek het in daardie tweede verklaring sekere regstellings gedoen nadat ek met feite gekonfronteer was.

En u het bykomstige inligting op dié manier aan die polisie gegee op 6 Desember? -- Dit is korrek, ja.

En/...



En in die verklaring van 20 Desember sou u saamstem dat u weer eens bykomstige inligting aan die ondersoekspan gegee het?

-- Ek is nie so seker dat ek daar bykomstige inligting gegee het nie. Die verklaring as ek my reg onthou het gehandel oor dat die ondersoekspan my gevra het wat my ver-bintenis met sekere mense was. Ek moes slegs my verbintenis met die betrokke mense aan hulle uitspel in die verklaring.

Ja, maar sê u dat u dan nie bykomstige inligting gegee het nie of sal u saamstem dat die laaste verklaring van u ook bykomstige inligting bevat het? -- In daardie lig gesien, ja.

MNR. GOOSEN: Mag ek miskien net op hierdie stadium beswaar maak net op een grondslag en dit is naamlik dat ek dink mnr. Visser, my geleerde vriend, mnr. Visser, kruisverhoor aange-leenthede wat werklik niks met hierdie Kommissie te doen het nie en is gerig op ander handelinge wat ons nie openbaar het aan enigiemand op hierdie stadium nie. Dit lyk vir my sivielregtelike georiënteer.

MNR. VISSER: Mag ek antwoord daarop mnr. die Voorsitter?

VOORSITTER: Ja.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, die stelling was aan brigadier Mostert by herhaling gemaak dat hy die bepalings van artikel 29 aangewend het om 'n doodgewone moord te ondersoek en 'n man te hou onregmatiglik op daardie basis. Dit is alles deel van ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit is nie deel van my ondersoek nie.

MNR. VISSER: Dit is so, maar dit is deel van die geloofwaar-digheid van brigadier Mostert wat voor u aangetas is.

VOORSITTER: Wel, dit is 'n ander vraag. Ek dink nie u gaan sy geloofwaardigheid of ongeloofwaardigheid op hierdie wyse herstel nie.

MNR. VISSER: Maar mnr. die Voorsitter, met respek, dit is

aspekte/...



aspekte wat gestel is.

VOORSITTER: Maar u sien die probleem is die volgende: U sit daar

met 'n artikel 29 verklaring en nou wil u uit - u vrae was gerig gewees op wat brigadier Mostert gehad het voordat hy die man aangehou het. Dit was sy antwoorde, sy standaard antwoorde gewees en nou is u besig om aan die hand van wat daarna gebeur het te regverdig wat vooraf gebeur het en ek dink u moet nou maar kies wat u wil doen.

MNR. VISSER: Ek het bloot, dit was bloot ten aansien van die stelling dat brigadier Mostert die bepalings van artikel 29 misbruik het, net ten aansien van daardie wat ek die vrae gevra het en daardie vrae is in ieder geval nou gestel en ek het niks verder om daaroor te vra nie.

VOORSITTER: Goed, is u klaar?

MNR. VISSER: Net nog 'n paar vragies. Ek wil net dit vir u vra mnr. Barnard, u het in u getuienis gesê dat wat u in u verklarings en keer my asseblief as ek verkeerd is, wat u in u verklarings gesê het terwyl u aangehou is kragtens artikel 29 kan 'n mens nie op peil trek nie want u het daar valse inlig-ting gegee?-- In 'n groot mate, ja.

Geld dit ten aansien van al die verklarings? -- Ten aansien van al die verklarings, ja.

Nou wil ek net vir u dit vra, kan 'n mens glo wat u nou getuig voor die Kommissie?-- Baie beslis ja, want op daardie stadium soos ek aan die Kommissie verduidelik het en aan die agbare Voorsitter verduidelik het was ek onder geweldige druk gewees. Ek het dit gedoen om een rede en dit is om uit te kom. Ek wou nie onbepaald aangehou word nie. Dit is die rede hoekom ek dit gedoen het. Nou het ek nie so 'n rede nie, nou is ek vry.

En/...



En u praat nou die waarheid? -- Nou praat ek die waarheid. Dit is korrek.

U het geen rede om nou weer doekies om te draai nie? -- Dit is korrek.

Is dit korrek dat u kennis gegee het aan die polisie van 'n eis wat u voornemens is om in te stel? -- Dit is korrek.

Is dit nie voldoende rede vir u om nou getuienis te lewer wat nie heeltemal korrek is nie? -- Nee, dit is geen sodanige rede nie. Die eis het niks te doen, die siviele saak met die verrigtinge van die Kommissie nie.

Net deur u wil ek vir u, wil ek net iets op rekord stel, op bladsy 1147 van die oorkonde, was daar verwys gewees na eerwaarde Chikane en het dit geblyk dat, dit begin eintlik op 1146, was daar 'n kwessie gewees van òf die getuie sou gepraat het in sy artikel 29 verklarings ten aansien van hierdie voor-val. Wat ek graag deur die getuie wil regstel mnr. die Voor-sitter is dat u te kenne gegee het dat mnr. McNally die getuie se verklarings gekontroleer het aan die hand van artikel 29 verklarings en op bladsy 1147 mnr. Barnard is dit gesê, eintlik begin dit op bladsy 1146:

"VOORSITTER: Ek moet net, ek dink my indruk is reg dat nie ek nie, maar mnr. McNally-hulle het die beëdigde verklaring van Barnard wat hy voor die Kommissie gelê het gekontroleer teenoor sy artikel 29 verklaring. Is dit reg mnr. McNally?

MNR. McNALLY: Ons het. Daar was meer as een verklaring onder artikel 29.

VOORSITTER: En ek dink was daar enige teenstrydighede mnr. McNally?

MNR. McNALLY: Daar was teenstrydighede tussen die twee

verklarings/...



verklarings, die twee of meer verklarings onder artikel 29.

VOORSITTER: Maar as 'n mens nou gaan oor, sê byvoorbeeld die kwessie van die gifstowwe aan eerwaarde Chikane se toilet.

MNR.McNALLY: Dit word nie eers in die artikel 29 verklarings gemeld nie."

Nou mnr. Barnard ek wil dit aan u vra, volgens u herinnering en u het eintlik alreeds die antwoord vanoggend gegee hierso aan my geleerde vriend, mnr. Pretorius, op u herinnering het u inderdaad melding gemaak van eerwaarde Chikane in een van u artikel 29 verklarings? -- Ek kan nie onthou nie. Ek het die verklarings nooit weer ter insae gehad nie. Dit is die eerste punt. Die tweede punt is dit dat ek wel daaroor ge-konfronteer was. Ek het nooit enige bewerign gemaak dat BSB nommer een by sy vergiftiging betrokke was nie, ek ontken dit ten sterkste. Tweedens ontken ek dat ek enigiets gesê het van gifstowwe op 'n toilet met betrekking tot mnr. Chikane. Wat ek wel gesê het is dat ek die voorval in die koerant gelees het. Ek het gesien dat hy vergiftig is en dat ek sy naam op 'n lys gemerk het wat verskaf was deur my koördineerder op een stadium.

So as ek dit dan aan u sou stel dat u wel in u artikel 29 verklarings daarvan melding gemaak het dan sal u dit nie kan ontken nie. Is dit korrek?

VOORSITTER: Ja, maar wat stel u nou aan die getuie?

MNR. VISSER: Dat hy gepraat het van Chikane.

VOORSITTER: Maar wat het hy gesê oor Chikane? U mag dit nie bekend maak nie. Die wet verbied u om dit bekend te maak.

MNR. VISSER: Dit is korrek.

VOORSITTER:/...



VOORSITTER: Nou wat wil u aan hom stel?

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter die getuienis was 'n bietjie ... (tussenbei)

VOORSITTER: U stel nie aan hom dat hy in sy verklaring gesê het dat dit aan die toilet gesmeer was nie.

MNR. VISSER: Nee-nee.

VOORSITTER: Het hy gesê dat BSB dit gedoen het?

MNR. VISSER: Ek stel dit ook nie.

VOORSITTER: Maar wat stel u dan?

MNR. VISSER: Ek stel aan hom dat hy in sy verklaring gepraat het van eerwaarde Chikane, bloot ... (tussenbei)

VOORSITTER: Maar nie van sy vergiftiging nie. Het u gepraat van sy vergiftiging mnr. Visser ja of nee?

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, met eerbied, my geleerde vriend het stellings gemaak, dit begin op bladsy 1146 ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ek vra vir u mnr. Visser het hy in sy verklaring gesê dat - iets oor mnr. Chikane of eerwaarde Chikane se ver-giftiging?

MNR. VISSER: : Ja. Ek sal dit dan stel mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Nou stel aan hom wat u aan hom wil stel, laat hy nou weet wat u ... (tussenbei)

MNR. VISSER: Wel ek vra u net bloot dit, as ek dit dan aan u stel by wyse van herinnering van u geheue, dat u wel melding gemaak het van Frank Chikane en van gifstowwe wat u in die pers gelees het. Sou dit korrek gewees het? -- Dit is korrek, ja.

VOORSITTER: Dit help ons veel.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, ek probeer net die rekord regstel.

VOORSITTER:/...



VOORSITTER: Dit is presies wat die getuie gesê het, dat hy het vir die polisie gesê dat hy die goed in die pers gelees het.

MNR. VISSER: Nou wat betref Abdullah Omar is dit aan brigadier Mostert gestel gewees dat u ten aansien van hom in u artikel 29 verklaring nie sou gesê het enigiets van moor of elimineer nie. Kan u dit onthou? -- Ek kan nie presies onthou wat ek gesê het nie, maar .... (tussenbei)

Laat ek dit vir u lees, bladsy 1145:

"Wat het hy vir u in dié verband gesê."

Vra u advokaat, mnr. Goosen? Mostert sê:

"Dat hy observasie gehou het by Dullah Omar ensovoorts en dat Dullah Omar vermoor moes word."

"Het hy dit vir u gesê dat Dullah Omar vermoor moes word ... (tussenbei)"

"Wel, dit is deel van sy 29-verklaring. Ek dink nie ek is by magte om dit verder as daar te voer nie."

"Wel u skep die indruk so, ek kan net sowel die feite regstel. Hierdie skep dalk die indruk dat Barnard inder-daad in 'n 29-verklaring vir u soiets gesê het en wat ek aan u wil stel is hy het nie. Hy het gesê hy het vir Dullah Omar gemonitor. -- Dit is reg."

"En dit is al, hy het gepraat van Dullah Omar, maar hy het nie (dit is nou weer die vraag) maar hy het niks gesê van moor of elimineer nie. Daardie brokkies inligting het u seker van Peaches gekry? -- Nee."

Nou vra ek vir u, het u vir u advokaat opdrag gegee om te sê dat u niks in 'n artikel 29 verklaring gepraat het van die vermoring van mnr. Dullah Omar nie? -- Ek het tot op datum slegs gesê dat ek Dullah Omar moes monitor en dat daar

grappenderwys/...



grappenderwys aan my 'n stelling gemaak was wat gister hier ter sprake was dat Slang van Zyl aan my gesê het hy sal my R50 000 betaal om hom te elimineer. Dit is al wat ek kan onthou.

Moet ons daarvan aflei dat u ontken dat u in 'n artikel 29-verklaring gepraat het van die vermoring van mnr. Dullah Omar? -- Soos ek aan die voorsitter gesê het ek kan nie onthou presies nie. Ek het daardie verklarings nie meer in my besit nie. Ek

het dit nog nooit weer gesien nie. Ek kan nie weet of dit daar staan of nie.

Wel, is dit moontlik dat u wel daarvan gepraat het in 'n verklaring, in 'n 29-verklaring?

VOORSITTER: Presies wat het die getuie gesê in die 29-verklaring en dan kragtens watter bepaling van watter artikel van watter wet openbaar u wat in die artikel 29 verklaring staan?

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, ek probeer juis net aspekte regstel wat geopper is in kruisverhoor.

VOORSITTER: Mnr. Visser onder watter bepaling van watter artikel van watter wet openbaar u wat in die artikel 29 verklaring staan?

MNR. VISSER: Ek openbaar niks wat in die artikel 29 verklaring staan nie.

VOORSITTER: Dan kan u nie vrae daaroor vra nie.

MNR. VISSER: Ek vra vir hom of dit moontlik is dat hy wel dit genoem het, want dit is aan Mostert gestel dat hy dit nie genoem het nie.

VOORSITTER: Wat is genoem?

MNR. VISSER: Genoem dat Dullah Omar vermoor sou word.

VOORSITTER: In daardie woorde?





MNR. VISSER: Of geëlimineer sou word. Dit is die woorde van mnr. Goosen.

VOORSITTER: Grappenderwys.

MNR. VISSER: Nee-nee mnr. die Voorsitter. My geleerde vriend het gesê: "Maar hy het niks gesê van moor of elimineer nie."

VOORSITTER: Ek vra vir u mnr. Visser wat wil u, gaan u die spesifieke bewoording van die verklaring aan die getuie voorlê of nie?

MNR. VISSER: Ek vra bloot vir hom of hy bereid is om toe te gee

dat hy wel daarvan gepraat het. Dit is al. Dit is hoe ver die vraag strek op die oomblik.

VOORSITTER: Dan weet ek nie. Is u bereid om dit toe te gee? -- Ek kan bloot aan u net sê dat ek nie weet nie. Ek kan nie meer onthou nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BARNARD: Mnr. Barnard, daar is gister in kruisverhoor deur mnr. Luitingh die indruk geskep dat dit moontlik is dat u vrylating op parool verband kon gehou het met mense van die BSB wat saam met u in die tronk was of dat daar miskien 'n rol gespeel kon gewees het deur die BSB in u vrylating op parool.

Kan u net vir die Voorsitter sê wat die werklike posisie met u vrylating op parool was, wie het die belangrikste rol daarin gespeel? -- Nommer een sou ek dink ek het die belangrikste rol gespeel, aangesien ek my be-hoorlik gedra het in die gevangenis wat 'n baie groot rol daar speel vir evaluering voor jy geparoleer word. Tweedens sou ek sê die feit dat regter Gert Coetzee op daardie stadium die Adjunk-regter President van die Transvaal was wat my op verskeie geleenthede besoek het in die gevangenis. Ek het met hom die kwessie van parool bespreek by een van hierdie

geleenthede/...



geleenthede en hy het aan my gesê en hy het dit ook op skrif gestel met 'n paroolaansoek wat ek gerig het op 'n latere stadium dat hy geen beswaar sou hê as ek die maksimale parool sou toegestaan word nie en toe het ek self deur middel van prokureurs 'n paroolaansoek gerig na die Paroolraad in Pretoria en ek het die Parool ontvang. Dit is nie eintlik iets verskriklik wat ek gekry het nie, aangesien enige gevangene wat 'n eerste oortreder is op 'n halsmisdaad op die helfte van sy tyd vrygelaat kan word, maar die BSB het baie beslis niks met my parolering te doen gehad nie.

Ek het op daardie stadium nog nooit eers van so 'n organisasie

gehoor nie.

Goed, net een verdere aspek, wie was die verhoorregter in die verhoor waarin u gevonnis is tot die gevangenisstraf?-- Die voormelde Regter-president, Adjunk-regter President Gert Coetzee.

Goed, een verdere aspek is die kwessie van brigadier Mostert wat op bladsy 1037 van die oorkonde sê dat volgens Barnard was hy baie bevrees vir BSB. Die indruk is geskep dat toe u vader die eerste aansoek gebring het op 24 November, dat u uit vrees versoek het dat die aansoek teruggetrek word. Kan u net vir die hof die feite, vir die Kommissie die ware feite om hierdie vrees gee? -- Ek was nog nooit bang vir die BSB of vir enige lede van die BSB nie. Ek het nie rede gehad om vir hulle bang te wees nie. Ek verwys na my verklaring. Volgens my kennis het hierdie persoon nooit enige geweld ge-pleeg of nooit enige ding gedoen nie. Wat gebeur het met hierdie ... (tussenbei)

Verskoning wat ek vir u eintlik, die vraag is eintlik waar kom hierdie vreeskwessie vandaan? -- Tydens my eerste





aansoek, ongeveer 'n driekwart uur na 'n uur voordat die aan-soek voor die hooggeregshof gedien het, ek was nie seker of dit in Pretoria was of in Johannesburg nie, ek was nie bewus daar was 'n aansoek om my vrylating gebring nie, want ek is nooit in kennis gestel deur die Suid-Afrikaanse Polisie nie. Ongeveer 'n driekwart uur voor die aansoek sou dien voor die hof, het adjudant-offisier Rossouw en vergesel van konstabel Llod wie deel van die ondersoekspan was wat met my gemoeid was, uitasem by my sel ingehardloop gekom en gesê hulle wil my nou dringend sien en ek moes nou 'n verklaring onderteken. Daar is aan my 'n verduideliking gegee dat hulle nou in 'n padblokkade of 'n padversperring gekeer was op pad na my toe en nou eers gehoor het

van die aansoek en nou 'n verklaring moes gee wat deurgefaks moet word na die hooggeregshof toe dat ek nie belangstel om met die aansoek voort te gaan nie. Ek wou die verklaring uiteraard nie gee nie, omdat ek geredeneer het dat, al sou die aansoek nie slaag nie, sou ek steeds geensins slegter af gewees het nie. Ek gaan nog steeds net in die selle sit nie en toe sê ek nee, ek is nie bereid om so 'n verklaring te gee nie.

Het u toe een gegee? -- Ek het toe 'n verklaring gegee.

Hoekom? -- Ek sal u sê om die volgende redes: Daar is aan my gestel dat indien ek sou vrygelaat word, wat 'n baie goeie kans was en wat ook aan my gestel was as 'n baie goeie kans op daardie stadium deur die ondersoekbeampte, sou my vriendin met wie ek betrokke is, onverwyld gearresteer word sowel as my broer, mnr. Calla Barnard en ook mnr. Calla Botha se naam is aan my genoem. Hulle het gesê hulle gaan daardie persone onverwyld arresteer. Ek kan maar gaan buite rondloop, maar hulle gaan hulle arresteer. Toe het adjudant-offisier





Rossouw aangedring daarop om in te voeg die frase dat ek vrees vir my lewe en toe sê ek vir hom ek wil dit nie hê nie, want ek vrees nie vir my lewe nie, maar toe sê hy dit is die enigste manier waarop hy dit sal regkry om die aansoek terug te hou en daardie mense buite te hou. Op daardie gronde het ek daardie verklaring onderteken.

Is dit so dat u vader het toe die aansoek teruggetrek? -- Dit is korrek, so.

Nou die boekie wat u bygehou het. Die boekie is uit die aard van die saak net die, u het getuig gister, die laaste maand of so bygehou. Is dit korrek?-- Ja, ek sou sê so 27, 28 dae as ek my korrek onthou.

Nou mnr. Luitingh het nou vir u gevra of hierdie feit dat u dan nou gister 'n pleidooi hier gelewer het oor die druk wat daar op jou uitgeoefen is in 'n artikel 29 aanhouding, dat dit eintlik gesien moet word ook in die feit dat jy eintlik in die tydperk in daardie boekie glad nie ondervra is nie. Wat ek vir u wil vra is hoe die aanhouding, hoe het die ondervraging geloop voordat u die boekie begin byhou het? -- Dit is gemeen-saak dat ek amper drie-en-'n-half maande aangehou is onder artikel 29.

So u boekie dek omtrent net die laaste maand van 'n drie-en-'n-half maande periode. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

U het gister getuig dat u u voertuig in Suidwes-Afrika of Namibië gelos het op 'n stadium. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Kan u net om perspektief - die indruk is gelaat dat dit dalk verband kon ou met die moord op advokaat Lubowski, is dit korrek, is dit die indruk wat dit by u gelaat het? -- Dit is ook die indruk wat dit by my gelaat het.

Al/...



Al wat ek vir u wil vra is wanneer is hierdie voertuig van u in Suidwes gelos? -- Tydsgewys kan ek nie presies sê nie. Ek sou sê einde Junie, moontlik begin Julie, die eerste helfte van Julie is ek deur na Suidwes-Afrika om 'n opdrag uit te voer daarso wat nie binne die raamwerk van die Kommissie val nie, aangesien dit 'n Suidwes-Afrika/Namibië projek was en op 'n stadium het ek kontak gemaak met my kontakpersoon in die Republiek, wie aan my gesê het dat ek onmiddelik moet terugkom, aangesien daar verdere besprekings sou plaasvind. Ek het my voertuig op die Suidwes lughawe gelos en teruggevlieg na die Republiek toe, onder my eie naam en ek het maar net agtelosig geraak, aangesien ek 'n ander voertuig in my besit het aan hiedie kant het ek nie dadelik my voertuig gaan haal nie en toe gebeur dit dat advokaat Lubowski

dood-geskiet word in Suidwes-Afrika. Ek sien binne 24 uur 'n persoon word gearresteer met die naam van Donald Acheson, ek het 'n foto van hom gesien op 'n stadium waarin ek gesien het dat dit die man is wie ek geken het as Donald Dolan en ek het toe besluit dit sou nie vir my wys wees om op hierdie stadium terug te keer na Suidwes-Afrika om my voertuig te gaan haal nie.

En is dit so dat die feit dat hierdie persoon aan u bekend is het bloot of min of meer 'n paar keer gelei het tot die feit dat u amper gearresteer is deur die Suidwes-Afrika polisie? -- Dit is korrek. Ek is verskeie kere - dit is ver-skeie kere aan my gestel dat ek oorgeplaas sou word vanaf artikel 29 direk na Suidwes-Afrika toe. Ek weet ek het niks met die Lubowski-moord te doen gehad nie, ek het geen kennis daaroor gedra nie en die feit dat hulle dit wou doen is vir my vandag genoegsame bewys.

Net/...



Net nog een of twee los aspekte, u het gister getuig dat u aan die einde van Maart kennis gekry het dat u dienste nie verder benodig word by die BSB nie, Maart 1989 en dat die eerste keer wat u weer met die persoon met die naam van Louis kontak gemaak het min of meer drie maande later was. Is dit korrek, einde Junie, dit was u getuienis? -- Ja, direkte kontak soos in gesprek getree het, ja.

Nou daar was toe ook aan u gestel deur mnr. Luitingh dat hy klaarblyklik oor inligting beskik dat u op 1 en 2 Mei naar-stigtelik probeer het om met Louis kontak te maak en u antwoord was u kan dit nie onthou nie, kan u dit onthou? -- Dit is korrek.

Wat ek vir u wil vra is: Vandat u hierdie kennis gekry het totdat u vir Louis weer fisies gesien het drie maande later het u in daardie tydperk probeer kontak maak met hom? -- By verskeie geleenthede as ek reg onthou.

En dit was onsuksesvol? -- Dit was onsuksesvol.

Nou die laaste aspek waaroor ek u wil vra is, daar is deur brigadier Mostert getuig dat voordat u gearresteer en aangehou is in terme van artikel 25 en 'n dag of wat later artikel 29, dat voor dit het u vir hom gesê dat daar bestaan 'n organisasie in hierdie land wat met intimidasie en geweld 'n skrikbewind onder linkse radikales voer, dit is sy ge-tuienis. U was nou nie teenwordig in die Kommissiekamer nie, maar dit was sy getuienis. Het u op enige stadium voor u arrestasie van so 'n organisasie met intimidasie en geweld gepraat? -- Baie beslis nie. Ek kan dit net beskryf as 'n leuen.

En as ek u getuienis reg verstaan dan was u getuienis dat u inderdaad gepraat het van 'n konsortium sakemanne? -- Dit is

korrek/...



korrek. Ek wil net miskien daarop 'n bietjie uitbrei. Die dag toe ek in kennis gestel word dat ek nou amptelik onder artikel 29 aangehou gaan word is dié kennisgewing op my beteken deur brigadier Mostert in persoon en die redes wat hy vir my aanhouding aangevoer het is dat hy my verdink dat ek òf 'n lid is òf kennis dra van 'n organisasie wat ten doel het om die publiek of 'n gedeelte van die publiek te intimideer, op 'n sekere manier op te tree of nie op te tree nie, deur middel van geweldsdade wat insluit moord. As ek reg kan onthou was dit die strekking van die woorde. Dit was die rede wat gegee was vir my aanhouding. Daardie dokument is sekerlik beskikbaar, want ek het hom geteken.

Goed, net een laaste vraag: Dit is aan brigadier Mostert gestel dat u sal getuig oor 'n insident op 28 Januarie waar hy 'n AK te berde gebring het, want dit is aan hom gestel, dat u in teenstelling met sy getuienis sal getuig daaroor. Kan u net sê wat was hierdie situasie was 28 Januarie? -- Brigadier Mostert

het my 'n besoek gebring op 'n Sondagmiddag, 28 Januarie, ongeveer 13h30, sien ek het ek in die boekie aange-teken, wat ek gesien het as 'n welwillendheidsbesoek. Hy het vir my vrugte verskaf. Ons het gesit in 'n informele milieu gesit en gesels toe hy die kwessie van die AK47 of 'n AK47 aan my opper. Hy het aan my gesê dat ek sou tronk toe gaan
vir drie-vier jaar met my agtergrond vir die besit of die beweerde besit van 'n AK47 vuurwapen en hy wil nie hê ek moet tronk toe gaan nie, want hy sien my slegs as 'n klein vissie, hy soek vir Joe Verster. As ek vir hom 'n verklaring gee onder eed dat ek die betrokke AK47, wat bewese word, in my besit sou wees van Joe Verster af gekry het, dan kan hy 'n artikel 29 verklaring kry om toe te pas op mnr. Joe Verster en

dan/...



dan sou ek onverwyld vrygelaat word. Ek was nie bereid om dit te doen nie en daarom het ek dit aangeteken in hierdie boekie. Ek het dit ook aan die ondersoekbeampte gerapporteer die eerste keer toe ek hom gesien het. Hy het dit afgemaak asof ek dit verkeerd verstaan het.

Goed en daar het ook 'n gesprek oor Staal Burger plaasgevind op dieselfde dag? -- Korrek.

Kan u net kortliks vir die hof sê, ag vir die Kommissie sê wat dit was? -- Brigadier Mostert het aan my gesê Staal Burger is nou wel nie op hierdie stadium beskikbaar nie, hy wil hom in 'n kaffertronk sit. Dit is die woorde wat hy aan my geopper het.

Het hy gesê waar? -- In Suidwes-Afrika.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Ek verstaan dat die artikel 29 verklarings nie beskikbaar gestel gaan word nie. So onderworpe aan moontlike vrae deur u, sal die getuienis van hierdie getuie dan as afgehandel beskou word. Ek het nie vrae nie.

VOORSITTER: Mnr. Barnard, u het 'n motor gekry. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Op die basis aanvaar ek dat hulle het vir u geld gegee om 'n motor te koop? -- Dit is korrek.

En dan het u 'n salaris gekry? -- Dit is korrek.

Nou verstaan ek dit reg dat toe u op die ys geplaas is in Maart, Februarie/Maart 1989 beteken dit dat u eintlik, dat u dienste beëindig is? -- Dit is hoe ek dit verstaan het indien ek nie in die buiteland wil gaan werk nie.

En het hulle, het u toe 'n drie maande betaling gekry as vergoeding vir, sê nou maar vir kennis of wat ookal? -- Dit is nie so aan my gestel nie deur my koördineerder nie, maar ek

het/...



het dit so aanvaar.

Goed en toe verbreek hy enige verbintenis met u? -- Behalwe toe hy my op 30 Junie gesien het, om en by 30 Junie.

Het u enige geld gekry vir u blou plan? -- Nee.

Nou op 30 Junie het hy u gesien en wat is toe nou oor die motor afgespreek? -- Ek het aan my koördineerder gesê dat die motor beskikbaar is om terug te gee, aangesien ek bewus was daarvan dat die motor nie aan my behoort nie, alhoewel dit in my naam geregistreer was. Ek het aangebied dat hulle die motor kan terugneem. Hy het aan my gesê dat hy sal die ding opneem boontoe en hy sal na my toe terugkeer. Hy het dit nooit gedoen nie.

Nou maar goed, hy het u toe ook 'n verdere bedrag betaal? -- Dit is korrek.

Hoeveel? -- Ek is nie seker of dit R9 000 of R12 000 was nie.

Was dit in kontant gewees? -- Dit was in kontant.

En waarvoor was dit? -- Hy het net aan my gesê dat dit geld

is om my deur te help dat ek maar aan die gang sal help so hy sal my moontlik weer kontak. Hy het nie met my 'n definitiewe reëling getref nie. Ek het aangeneem dat dit kan moontlik pensioen wees wat afgetrek was en so aangesien die dinge so gedoen word dat dit in kontant bedryf word.

Maar is dit nie vir dienste gelewer nie? -- Nee, ek het geen dienste gelewer waarvoor ek daardie geld gelewer het nie. Hy het net gesê dit is gelde wat aan my verskuldig is, hy het dit aan my uitbetaal en ek het hom nie daaroor uitgevra nie. Ek was maar baie bly.

Nou u verbintenis met Van Zyl, u het nou sekere take vir hom verrig? -- Korrek.

Nou/...



Nou het hy u betaal daarvoor?-- Ja, hy het my onkostes betaal af Kaapstad toe vir die drie geleenthede wat ek mnr. Dullah Omar vir hom gaan monitor het en daarvoor het hy my bedrae, verskillende bedrae gegee en wat dan oorgebly het, het ek gehou. Hy sou byvoorbeeld aan my R3 000 gee vir 'n ekspedisie na die Kaap en dan sou ek byvoorbeeld R1 500 nodig gehad het vir akkommodasie en my vliegtuigkaartjie en die res kon ek hou. Dit is hoe hy my vergoed het.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, ek weet nie of dit op rekord geplaas moet word nie, my geleerde vriend, mnr. Bertelsmann het vir my verlede week Woensdag of Donderdag vesoek dat ek navraag moet doen of die artikel 29 verklarings, of liewer die verklarings wat afgelê is tydens die aanhouding kragtens artikel 29 beskikbaar gestel kan word vir doeleindes van kruisverhoor ten aansien van die Webster-moord. Ek het die versoek oorgedra aan Kompol en na wat ek verneem het, het Kompol dit op sy beurt aan die minister

oorgedra. Die antwoord daarop is in hierdie stadium mnr. die Voorsitter, dat die minister nie bereid is om van die wetlike beskerming af-stand te doen ten aansien van hierdie verklarings nie.

DIE KOMMISSIE VERDAAG. DIE KOMMISSIE HERVAT.

MNR. VISSER: Ek wonder of ek u net in die rede kan val met net een aspek. My geleerde vriend mnr. Goosen het in sy her-verhoor deur die getuie Barnard iets na vore gebring wat nie gestel was aan brigadier Mostert nie. Dit handel oor die kwessie van Rossouw en 'n ander persoon en die verklaring wat mnr. Barnard sou gemaak het of hy sou gedwing gewees het om te gemaak het. Ons probeer instruksies kry oor die aangeleent-heid. Ons wou net vir u gevra het of enige reëling wil maak

in/...



in dié verband. Ons sou, dit lyk vir ons, met respek, dat ons noodwendiglik dit aan mnr. Barnard sal moet stel.

VOORSITTER: As dit ontken word dan kan u dit maar net op rekord plaas dat dit ontken word. Ek dink om dit bloot formeel aan hom te stel gaan ons nie veel verder vat nie.

MNR. VISSER: Dit is wat ek graag van u sou wou verneem. Dan sal ons dit tegelegenertyd doen.

VOORSITTER: Ja u kan maar bloot sê wat die instruksies daar-omtrent is. Ek dink dit is 'n bietjie van 'n "side-issue".

MNR. VISSER: Ja, dit is inderdaad so. Sodra ek instruksies ontvang sal ek dit op rekord plaas.

MNR. BERTELSMAN: Mnr. die Voorsitter verskoning, as ek net op hierdie stadium iets mag byvoeg, Bertelsmann. Ten opsigte van die verklarings wat afgeneem is tydens aanhouding in terme van artikel 29 wil ons net op rekord plaas dat ons dit betreur dat dit nie aan die Kommissie beskikbaar gestel kan word nie.

VOORSITTER: Dit is aan die ondersoekbeamptes beskikbaar gestel in hulle amptelike hoedanigheid.

MNR. BERTELSMANN: En ons sal poog om as dit kan, as dit gedoen kan word, om insae daarin te verkry.

VOORSITTER: As dit juridies gedoen kan word, ja.

MNR. BERTELSMANN: Ja, ek besef die implikasies daarvan, maar ons sal probeer om dit te ondersoek in elk geval.

PIETER JOHAN VERSTER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Mnr. Verster, ek gaan eers handel met die vraag en antwoord verklaring wat u gegee het aan brigadier Mostert. Soos ek dit het is dit BEWYSSTUK C32. Ons gaan 'n paar paragrawe daarvan oorslaan, omdat dit net 'n duplikasie van getuienis sou wees om dit te herhaal, maar kom ons begin: Is u 'n 44-jarige persoon? -- Dit is

korrek/...



korrek.

En was u 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag tussen 1963 en 30 November 1988? -- Dit is korrek.

Wanneer het u 'n lid van die BSB geword? -- Dit was sedert die stigting van die struktuur, ongeveer April 1986.

Het u nie bedank uit die weermag voordat u aangestel is in die BSB? -- Nee, ek het, ons het eers die struktuur gestig en 'n aantal van ons het deel van die weermag gebly en tydens, ek sou sê Desember, begin Desember 1988 is ons finaal uit die weermag uit.

MR PRETORIUS: Sorry Mr Chairman, Pretorius here. Once again, I do not know if it is part of the disguise or not, but it is very difficult to hear.

CHAIRMAN: I appreciate that. U moet asseblief harder praat mnr. Verster. U sê eers in Desember 1988? -- Ja, einde November, ons het begin 1 Desember 1988 as burgerlikes.

Maar voordat u nou, vordat die struktuur van BSB gestig is in April, April 1986 het ons gehoor was daar soortgelyke voorafgaande strukture, Barnicle of verkenningseenheid nommer weet, twee of drie. Is dit reg? -- Ek sou sê daar is 'n wesenlike verskil, maar daar was 'n lang aanloop van verwante tipe optrede.

Nou was u by sê Barnicle gewees? -- Nee, ek was ooit 'n lid van ... (tussenbei)

Was u ooit lid van een van die voorafgaande strukture? -- Nee, ek was net 'n gewone lid van Spesiale Magte.

Weermagman.

MNR. McNALLY: Het u op 'n stadium uit die weermag bedank en dan by BSB aangesluit? -- Dit is korrek. Dit was einde November 1988 en ons het toe begin 1 Desember 1988.

As/...



As ons 'n paar paragrawe dan oorslaan tot by paragraaf 11 op bladsy 4, wat sê u is die doelstellings van die BSB, u mag dit lees? -- Ons doelstellings was om spesifieke inligting in te samel wat meer op 'n taktiese vlak wat nie verkry kan word deur enige ander element van die weermag nie. Dit is hoof-saaklik buite die Republiek van Suid-Afrika, maar daar was ook sekere moniteringsaksies binne die Republiek van Suid-Afrika.

Kom ons lees net wat u daar ten boek gestel het: --

"Die doel van BSB is om spesialis inligting binne en buite die Republiek van Suid-Afrika in te samel met betrekking tot die vyande van die Republiek van Suid-Afrika en meer spesifiek die ANC, PAC, SWAPO, asook die Kommunistiese Party (SAKP).

Wat die ANC betref is dit dan meer spesifiek die militêre

vleuel van die ANC. Die doel was ook verder om uitvoering te gee aan optrede teen sodanige vyand in die buiteland waar geen ander veilig-heidsmagte toegang daartoe het nie."

Gaan voort. --

"Wat die take betref, was dit onder andere die volgende:

(i)Die opstel van inligtingsinsamelingsplanne om ver-kennings teen sodanige vyand te kan uitvoer.

(ii)Om bewegingsvryheid vir bogenoemde verkenning te verkry.

(iii)Om vyandelike netwerke (pyplyne) te infiltreer.

(iv)Verwerking van informasie na inligting en beplanning.

(v)Spesifieke spesialis uitvoering rondom die take soos reeds genoem.

(vi)Die verspreiding van inligting volgens neergelegde kanale."

Die/...



Die volgende vraag gaan oor wie magtiging gegee het vir die uitvoering van take of projekte van die BSB. Hoe antwoord u daarop? --

"Take of projekte word op verskeie vlakke gemagtig afhangende van die aard en omvang daarvan."

Gaan voort. -- Die volgende vraag:

"Wie is verantwoordelik vir die uitvoering van die take of projekte?

ANTWOORD:

Verskeie persone afhangende van die omstandighede en vereistes van die taak of projek.

VRAAG 14:

Langs watter kanaal bereik opdragte die uitvoerders van take of projekte?

ANTWOORD:

Opdragte kan alleen deur die gemagtigde kanaal wat geskep

is, naamlik sy streekbestuurder en sy hanteerder geskied.

VRAAG 15:

Word magtiging en/of opdragte vir die uitvoering van take of projekte skriftelik of mondelings oorgedra?

ANTWOORD:

Projekte word normaalweg skriftelik gemagtig, maar opdragte word via die kanale mondeling gegee."

VOORSITTER: Kan u net 'n bietjie daar stilstaan? Hoe word 'n projek skriftelik gemagtig? Ek bedoel word hy geteken of geparafeer deur die persoon wat die magtiging verskaf? -- Dit is korrek. Hy word skriftelik geteken deur die persoon wat dit magtig.

Nou kom ons kyk, kom ons neem byvoorbeeld, u kry 'n voor-legging vanaf 'n laer vlak, dit word dan opgestuur sê na u toe

vir/...



vir oorweging. Nou lei ek hieruit af wat u tot dusver gesê het, afhangende van die vlak van die projek kan u dit dan magtig? -- Enige projek en wat ek spesifiek daarby bedoel het, soos u bewus is, 'n voorstudie ... (tussenbei)

Ja-nee, ek praat nou van as u voorstudie gekry het. -- Dit is eintlik wat ek bedoel het die magtiging wat op laer vlak is hy kan alleenlik 'n voorstudie doen. As hy dan voor my die projek bring dan is ek gemagtig om dit, kom ek sê te sif, daarna te kyk of te besluit of ek dit na 'n hoër vlak toe sal verwys en dan word dit deur die voorsitter finaal gemagtig. So ek kan nie enige projekte magtig anders as om dit aan te beveel na die voorsitter.

So u sê u kon geen projekte magtig sonder die, is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou goed, as u dit nou na die voorsitter verwys, u het nou

hierdie voorstudie, u sif dit, u stuur dit op na hom toe, nou kom dit terug van sy kant af met 'n paraaf of 'n hand-tekening wat sê "goedgekeur". -- In die praktyk het dit beteken dat die voorsitter na 'n kantoor toe, wat daarvoor, wat ons as 'n koördineringspunt beskou het en dan luister die voorsitter na 'n aanbieding en dan word daarso konsensus bereik tussen almal wat teenwoordig is en dan is daar gewoonlik 'n dokument beskikbaar en kan die voorsitter dan dié dokument verder neem om op 'n hoër vlak gemagtig te word.

So die voorlegging, as ek dit so mag noem, die voorstudie, dit is nie ook gelyktydig die magtiging nie? -- Die voorstudie is iets wat ek op my vlak gemagtig is. Dit beteken as ... (tussenbei)

Nee-nee, maar ek bedoel op die voorstudie word die mag-tiging nie aangebring nie of word die magtiging op die

voorstudie/...



voorstudie aangebring? -- Op die voorstudie is inhuis, dit is wat ek magtig.

Nee-nee, nadat die voorstel in die voorstudie goedgekeur is, sê nou maar die voorstudie stel voor dat X gedoen moet word, u beveel aan die voorsitter aan dat X gemagtig word. Hy sê goed X word gemagtig. Word daardie magtiging aangebring op die voorstudie dokument of word dit op 'n ander dokument aangebring of hoe gebeur dit, hoe word dit geformuleer die magtiging? -- Die normale praktyk was dat die voorstudie word op 'n afsonderlike dokument gemagtig en dan met die finale voorlegging in terme van finansiële terme moet dit dan weer aangetoon word en dan bygevoeg word by die begroting van daardie projek.

Ja, hoe lyk die magtiging? -- Die magtiging is in werklikheid suiwer die aanbiedingsdokument soos wat hy die besondere dag dan

aangebied was.

So met ander woorde die voorstudie en die aanbiedings-dokument is nie dieselfde nie? -- Nee, maar ek dink daar kan uitsonderings wees.

Goed, so nou op hierdie magtigingsdokument of aanbie-dingsdokument sal die voorsitter dit dan parafeer of teken as gemagtig? -- Dit is reg.

En dan sal u dit ook teken of nie? -- Ek sal dit teken, maar daar was omstandighede waar die geykte prosedure nie gevolg kan word nie, wat ek dan self sal teken.

Ek sien. Met ander woorde die voorsitter nie geteken het nie, maar u het dan geteken? -- Ja, maar dit is dan 'n monde-lingse magtiging.

Nadat u sy mondelingse magtiging gekry het? -- Dit is korrek.





MNR. McNALLY: En is die magtigingsdokument dan op die projeklêer geplaas? -- Ja, as dit 'n geval was waar daar 'n dokument beskikbaar was.

Kan u nie vir ons meer duidelike riglyne gee van in watter omstandighede daar skriftelike magtiging sou wees wat deur die voorsitter onderteken is en in watter gevalle ons nie kan verwag om so 'n dokument in die lêer te vind, sou ons die lêers eendag vind? -- Ek sou sê dat dit is hoofsaaklik waar daar 'n tydsaspek aan gekoppel is dat dit telefonies is of waar daar by 'n geleentheid mondelings iets bespreek was en wat dan vinnig na vorentoe gekom het op 'n laaste stadium terwyl ek en die voorsitter dan verwyder is van mekaar of die ondergeskikte wat daarby betrokke is.

In 'n saak waar daar nou deeglike beplanning was en die projek oor 'n periode verloop het, dan kan ons aanvaar dat daar 'n magtigingsdokument sal wees wat die voorsitter se handtekening

sal dra?-- Dit kan so aanvaar word.

En daardie dokument gaan op die projeklêer? -- Dit is korrek.

Goed, gaan voort dan asseblief? -- Dit is nou paragraaf 16: "Word BSB op 'n streek en selstruktuur bedryf?

ANTWOORD:

Vanaf die besturende direkteur word die organisasie opge-deel in geografiese streke en daarna in selle. Elke sel word hanteer deur 'n hanteerder met sy eie onderbou. Die hanteerders word op hulle beurt hanteer deur die streek-bestuurder en die streekbestuurder deur die besturende direkteur. Die voorsitter is dan weer die oorkoepelende bevelvoerder.

VRAAG 17:/...



VRAAG 17:

Mag 'n streek of sel take of projekte sonder die toestemming van die hoof van BSB uitvoer?

ANTWOORD:

'n Projek mag nie sonder toestemming uitgevoer word nie, maar daar is wel sekere take byvoorbeeld voorstudie wat wel deur die sel self geïnisieer kan word.

VRAAG 18:

Is lede van BSB kontraktueel met BSB verbind?

ANTWOORD: Ja.

VRAAG 19:

Indien lede kontraktueel met BSB verbind is, is dit 'n skriftelike kontrak?

ANTWOORD:

Ja, maar slegs direkte of indirekte bewustelike lede. 'n Bewustelike lid is 'n lid wat weet dat hy vir 'n staats-organisasie werk maar 'n onbewustelike lid is

gewoonlik 'n persoon wat dink dat hy vir een of ander privaat in-stansie werk."

VOORSITTER: Nou kan ons net 'n oomblik hier stilstaan. In u hoedanigheid as besturende direkteur aanvaar ek dat u het geweet wie is die bewustelike lede? -- Dit is korrek.

Het u geweet wie onbewustelike lede is? -- Nee, nie nood-wendig nie. Daar is baie omstandighede waar die streekbe-stuurder na my toe sal kom en net die profiel van 'n individu sal beskryf en ek sal nie noodwendig weet wie die onbewustelike lid is nie.

MNR. McNALLY: Gaan voort, paragraaf 20? --

"VRAAG 20:

Word lede van BSB 'n vaste salaris betaal of slegs vir

dienste/...



dienste gelewer?

ANTWOORD:

Lede word 'n vaste salaris betaal met 'n halfjaarlikse bonus van plus-minus R2 000 waarvoor hy kan kwalifiseer.

VRAAG 21:

Op welke wyse word vergoeding oorbetaal, kontant of per tjek?

ANTWOORD:

Salarisse word in kontant oorbetaal en wel om dit nie terugspoorbaar te maak na BSB nie.

VRAAG 22:

Word persone wat nie lede is van BSB betaal vir dienste gelewer en indien wel hoe word rekenskap van die geld gegee?

ANTWOORD:

Ja, persone wat nie lede van BSB is nie, kan wel betaal word en alle sodanige betaling is deel van'n begroting welke begroting goedgekeur word en onderworpe is aan oudit.

VRAAG 23:

Maak lede van BSB geruik van skuilname?

ANTWOORD:

Ja. Dit is noodsaaklik en wel om onder ander die volgende redes:

i.Om die staat se belange te beskerm;

iiOm die families van betrokkenes te beskerm;

iii. Om identifikasie van betrokkenes te voorkom;

iv. Om optrede en persoonlikhede uit die media te hou;

v. Om algemene operasionele sekerheid te handhaaf;

vi.Hierdie prosedure word deur betrokkenes toegepas

volgens/...



volges internasionale aanvaarbare norme. Dit is 'n internasionaal aanvaarbare tegniek.

vii.Om die vyand op sy eie terrein en volgens sy eie werkswyse te kan hanteer."

Sal u asseblief nou 'n paar paragrawe oorslaan en ons gaan voort met paragraaf 26. --

"VRAAG 26: Wat is u kommentaar op bewerings dat die moord op dr. D.J. Webster 'n projek van BSB was?

ANTWOORD: Ek ontken hierdie bewering kategories.

VRAAG 27: Beskik BSB oor 'n lêer ten opsigte van dr. Webster of het BSB daaroor beskik?

ANTWOORD: Nee. BSB het nie 'n lêer nie en het ook nooit 'n lêer gehad nie.

VRAAG 28: Was die moord op dr. Webster tydens 'n koör-dineringsvergadering van die BSB bespreek?

ANTWOORD: Die dood van dr. Webster was nie op 'n koör-dineringsvergadering waar ek teenwoordig was bespreek nie.

VRAAG 29: Wat was deur lede van BSB ten opsigte van die moord

van dr. Webster bespreek?

ANTWOORD: Uit die aard van die saak kan ek nie kennis dra of enige lede die saak bespreek het en indien wel, wat bespreek is nie."

VOORSITTER: Het u dit bespreek? -- Ek het, ek dink op 'n latere stadium (daar is vraag 31 wat praat oor "spookstories" so ek kon by geleentheid in die algemeen daaroor gepraat het.

Goed, gaan maar oor na vraag 30 toe. --

"VRAAG 30: Het lede, agente of bronne van BSB in die Khosibaai omgewing die bewegings van dr. Webster gemonitor voor sy dood?

ANTWOORD:/...



ANTWOORD: Nee, daar was geen projek van stapel gestuur of enige agente betrokke in enige werksaamhede hoegenaamd in die Kosibaai omgewing nie.

VRAAG 31: Brei uit oor die "spookstories" in verband met die moord van dr. Webster waarvan u op 29 Januarie 1990 melding gemaak het?

ANTWOORD: Die "spookstories" wat ek genoem het aan die ondersoekbeampte in hierdie aangeleentheid tydens ons konsultasies is dieselfde bespiegelings wat in koerante verskyn het en op straat gehoor is."

MNR. McNALLY: Ja, ten opsigte van dr. Webster is u getuienis tot vandag toe nog dat BSB nie by sy dood betrokke was nie? -- Geensins nie.

Ons het van vorige getuies gehoor dat u hulle genader het, ek dink aan Slang van Zyl byvoorbeeld om te verneem oor die dood van dr. Webster. Wat is u kant van daardie aspek? -- Ek beskou dit as normale belangstelling in my werksveld dat ek so 'n navraag sou doen.

VOORSITTER: Maar die vraag is het u dit gedoen?

MNR. McNALLY: Gee net vir die Kommissaris u kant van daardie aspek. Wie het u genader en wat het u gesê en wat het u uitgevind? -- Ek het, as ek reg onthou het ek vir Slang van Zyl, ek mag ook by geleentheid miskien met mnr. Staal Burger daaroor gepraat het en spesifiek gevra of hulle enigiets weet daarvan en ek het tot op datum geen ander antwoord gekry as dat hulle niks daarvan weet nie.

Wat het u gemotiveer om daardie navraag tot hulle te rig? -- Dit is my werksveld om mense wat aan die linkerkant van die politieke spektrum binne en buite die land sulke navrae moontlik te doen. Ek sou dit selfs gedoen het indien daar 'n

insident/...



insident was ten opsigte van iemand in die buiteland, dan sou ek dit ook gedoen het.

Het u werklik enige vermoede gehad dat een van die bewustelike lede van u organisasie betrokke sou wees by die dood van dr. Webster sonder dat u vooraf daarvan sou gehoor het? -- Ek het aanvaar dat in ons struktuur kan dit gebeur dat daar lede is wat op so 'n wyse funksioneer dat hy nie elke dag direk onder my toesig is nie. Hulle werk deur streeksbe-stuurders, koördineerders en hulle het hulle eie onderbou, so dit kon wees dat ek op daardie stadium bekommerd was dat iemand kon vir een of ander rede dalk iets gedoen het wat hy nie moes doen nie.

VOORSITTER: Ja, maar die vraag is ek dink, in die wyse waarop u u uitdruk skep nou 'n bietjie probleme. U het begin om te sê u het aanvaar dat dit kan gebeur - kyk het u aanvaar dat dit kan gebeur dat lede van BSB op so 'n wyse funksioneer dat hulle vir dr. Webster kon vermoor het.

MNR. McNALLY: Sonder dat u daarvan kennis sou dra? -- Nee, ek ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dan volg ek u nie. U sê u - ek het aanvaar dat dit kan gebeur dat daar lede is wat so funksioneer dat hulle nie onder my toesig is nie en toe het u na 'n moontlikheid oorgegaan. Nou ek is nie seker dat ek mooi verstaan wat u wil sê nie? -- Mnr. die Voorsitter, as ek my weer kan uitdruk wat ek wil sê, is dat ons in 'n struktuur funksioneer waar die onderbou van elke streek nie elke dag onder my toesig is nie en wat hy in sy privaat hoedanigheid kon gedoen het of met wie hy in sy privaat hoedanigheid skakel kan ek nie voor instaan nie.

Ja, maar die vraag is nou, het u die moontlikheid oorweeg

dat/...



dat een van die bewustelike lede moontlik betrokke was by sy dood, het u daardie moontlikheid oorweeg? -- Ek kan nie nou onthou nie, maar dit kon so wees.

Maar dit klink vir my aan die hand van u antwoorde dat dit waarskynlik is dat u dit as moontlikheid oorweeg het? -- Ek het slegs, soos ek gesê het, in my normale belangstelling daarna, ek het nie iemand spesifiek .... (tussenbei)

Ek vra nie of u iemand spesifiek verdink het nie, die vraag is 'n baie wye vraag wat mnr. McNally gevra het. Hy het gevra het u die moontlikheid oorweeg of 'n bewustelike lid moontlik vir dr. Webster se dood verantwoordelik kon wees? -- Ek kon dit op daardie stadium oorweeg het.

Kan u onthou of u dit oorweeg het? -- Nee ek kan nie. Op hierdie stadium kan ek nie spesifiek onthou of dit so was nie.

MNR. McNALLY: Binne die gedissiplineerde opset van die BSB was dit hoegenaamd moontlik dat 'n bewustelike lid, dr Webster kon vermoor het sonder dat u dit as 'n projek goedgekeur het of ter insae gehad het? -- Nee, binne ons struktuur as iemand gekeur was dan sou ek nie dink dit is moontlik nie. Ek weet nie of dit so

kon wees nie.

VOORSITTER: Ja maar - ek dink u het netnou verduidelik dat hulle beweeg op so 'n wyse dat hulle nie noodwendig altyd onder u toesig is nie. -- Dit is korrek.

Skep dit dan nie die moontlikheid dat hulle so 'n optrede kon verrig het nie? -- Daar bestaan, soos u dit stel, daar be-staan seker 'n moontlikheid as iemand nie onder my toesig is nie, maar daarvoor - ek kan nie nou enigsins anders as binne die amptelike stelsel praat en dit is dan dat dit nie moontlik is nie.

Ja goed, maar sover u weet het u net Van Zyl en Burger

gevra/...



gevra?-- Ja, ek het sulke mense direk gevra.

Nou wat het u hulle gevra? Het u hulle gevra of hulle betrokke was of ...? -- Of hulle iets daarvan weet en of hulle moontlik betrokke ... (tussenbei)

By Webster se dood. -- By Webster kon wees en daar was kategories vir my gesê nee.

Met ander woorde dit beteken u het dit oorweeg dat hulle betrokke was, want u het hulle gevra? -- Soos u dit stel kan dit ... (tussenbei)

Dit moet.

MNR. McNALLY: Hoe dit ookal sy elke lid wat u daaroor gevra het, het ontken dat hy betrokke was nie waar nie?-- Dit is korrek.

Was daar enige skakeling tussen die BSB en 'n organisasie soos die Johannesburgse Stadsraad oor dr. Webster sover u weet? -- Nee, ek kan dit kategories sê dat daar geen skakeling was, behalwe as dit op hierdie onbewustelike vlak is waarvan ek geen kennis dra nie.

Was daar skakeling oor dr. Webster met enige ander instansie? -- Dr. Webster was nooit onder enige omstandighede deur ons as

'n spesifieke projek oorweeg nie.

Goed, net volledigheidshalwe kan ons net vlugtig kyk na vraag 32 en 33 asseblief? --

"VRAAG 32: Wat is u kommentaar of bewerings dat die moord op advokaat Anton Lubowski 'n projek van BSB was?

ANTWOORD: Dit word kategories ontken.

VRAAG 33: Beskik BSB oor 'n lêer ten opsigte van advokaat Lubowski of het BSB daaroor beskik?

ANTWOORD: Ek ontken dat BSB 'n spesifieke lêer met betrekking tot advokaat Lubowski het maar erken dat ons

hom/...



hom wel by geleentheid gemonitor het. Dit is egter vir goeie redes vroeg reeds laat vaar.

VRAAG 34: Is of was Donald Acheson 'n bewustelike of on-bewustelike agent van BSB?

ANTWOORD: Nee."

Wie het vir sy regskoste betaal vir sy verhoor in Suidwes-Afrika/Namibië? -- Nee, dit weet ek nie.

Is dit nie BSB nie? -- Niks daarmee te doen nie.

Ons kan dan die volgende vraag oorslaan, vraag 36? --

VRAAG 36: Het BSB die volgende persone gemonitor:

1. Frank Chikane;
2. Bruce White;
3. Gavin Evans;
4. Dullah Omar;
5. Jay Naidoo;
6. Buti van der Merwe;
7. Daniël Tsongarero;
8. Generaal-majoor Basie Smit.

ANTWOORD: Die persone genommer 2, 3, 4, en 7 is wel

gemonitor. Dit is Bruce White, Gavin Evans, Dullah Omar en Daniël Tsongarero."

Deur wie is Daniël Tsongarero gemonitor? -- Ek weet nie nou of die vraag binne die Kommissie ... (tussenbei)

VOORSITTER: Wie is Daniël Tsongarero? -- Daniël Tsongarero was een van die binnelandse bestuurslede van Swapo.

U kan maar net vir ons sê binnelands waar, in Suidwes of in Suid-Afrika? -- Nee, binnelands in Suidwes-Afrika/Namibië.

MNR. McNALLY: Is hy buite die Republiek van Suid-Afrika ge-monitor? -- Hy is slegs in Namibië op daardie stadium gemonitor.

Goed/...



Goed, dan laat ons dit daar. Gaan dan oor na vraag 37 asseblief? --

"VRAAG 37: Met watter doel is bovermelde gemonitor?

ANTWOORD: Hierdie persone was almal prominente links-gesinde aktiviste en lede van onder andere die ECC en/of Swapo en/of UDF.

VRAAG 38: Het BSB amptelik of nie-amptelik toegang tot Nasionale Intelligensie se rekenaarstelsel?

ANTWOORD: BSB het glad nie toegang tot Nasionale Intelligensie se rekenaarstelsel nie."

VOORSITTER: Kom ons vra die vraag 'n bietjie wyer, het BSB toegang gehad tot Nasionale Intelligensie se inligting? -- Nee, nie wat ek van weet nie.

MNR. McNALLY: Ons het getuienis gehoor dat daar op hoë vlak, op u vlak nog 'n kanaal was met die inligtingsgemeenskap. Wat is u kommentaar daaroor? -- Ons het met die stigting van die stelsel 'n plan aangebied waarbinne daar 'n, soos ons dit stel, 'n goue draad is van die Direkteur Operasies van Spe-siale Magte en die bevelvoerende generaal na ons toe en dit is die enigste kanaal.

Die res is dan hulle eie stelsel.

Ja, ons het nou volledige getuienis reeds op rekord oor Choice, so ons kan die volgende paar vrae oorslaan. Kan u u aandag vestig op vraag 45 asseblief op bladsy 17. --

VRAAG 45: Het BSB 'n vyfpunt plan geloots om Desmond Tutu te intimideer?

ANTWOORD: Nee, ons het nie. Een of twee grappies is gemaak ten opsigte van sy bygelowe."

So u sê nee, een of twee grappies gemaak ten opsigte van sy bygelowe? -- Dit is korrek.

Kan ons dit net in verband bring met vraag 50.





VOORSITTER: Nee, is dit vraag 50?

MNR. McNALLY: Ja, ek glo dit gaan ook oor biskop Tutu se geval.

MNR. HATTINGH: Met respek hierdie verklaring is gemaak aan brigadier Mostert. Sedertdien het die getuie 'n verklaring gemaak vir die polisie se doeleindes waarin hy verklaar het dat hy steun op sy privilegie om nie vrae oor die Tutu-aan-geleentheid te beantwoord nie en ek vra dat daar nie verder vrae oor hierdie aangeleentheid aan hom gestel word nie.

MNR. McNALLY: Nee, ons lees dit uit op die oomblik. Daar word nie vra, verdere vrae gestel nie.

VOORSITTER: Ek is nie seker ....(tussenbei)

MNR. McNALLY: Is dit korrek dat vraag 50 ... (tussenbei)

VOORSITTER: O, die vyfpunt plan. O, ek sien dit gaan oor die vyfpunt plan en dan sê hulle dit was grappies gewees en dan weet u nie was bekend, daarmee betrokke nie en dan sê u die koste van die aangeleentheid moet bereken word, goed.

MNR. McNALLY: Is dit reg vraag 50 slaan ook op die biskop Tutu

geval? -- Soos ek dit sien, dit hou verband met die grappies.

En u mag besluit om nie te antwoord nie, maar hoe bring ons die kloutjie by die oortjie sodat daar grappies gemaak was, maar daar is koste daaraan verbonde wat nog bereken moet word? -- Ek dink 'n mens kan dit verduidelik deur te sê as daar enigiets anders sou plaasvind in dieselfde omgewing en daar was grappies gemaak en as iemand so in detail daardie verskil van 'n paar kilometer wil bepaal dan is dit moontlik om daarna te kyk in terme van 'n begroting as dit sou ter sprake wees.

Is u bereid om vir die Kommissaris te vertel watse

grappies/...



grappies gemaak is oor biskop Tutu se bygelowe? -- Ek sou verkies om my te weerhou van enigiets verder rondom die aan-geleentheid as gevolg van my privilegie.

Vraag 51, lees hom asseblief hardop? --

"VRAAG 51: Was die ontploffing by die kleuterskool te Athlone 'n goedgekeurde projek van BSB?

ANTWOORD: Ek weet van geen ontploffing by 'n kleuter-skool in Athlone nie."

Met daardie antwoord het u die vraag korrek verstaan as synde 'n vraag oor die ontploffing by die Early Learning Centre op Athlone op 31 Augustus 1989? -- Nee, ek het dit ge-antwoord in terme van die kleuterskool.

So het u hierdie vraag nie gekoppel aan die bewering dat daar 'n bomontploffing was te die Early Learning Centre te Athlone op 31 Augustus 1989? -- Nee, ek het nie.

Is dit hoekom u dit daar ontken het? -- Nee, ek het dit suiwer omdat die vraag gestel was as 'n kleuterskool het ek dit geantwoord.

Want ek sien dat in u verdere verklaring waarmee ons binnekort sal handel dat u u beroep op u reg om privilegie ten opsigte

van die bomontploffing te die Early Learning Centre? -- Dit is korrek. Toe was die vraag anders gestel gewees.

Goed, slaan dan 'n paar paragrawe oor, ek dink, ja, ek dink dit is dan voldoende wat hierdie verklaring aanbetref. Dan kan ons verder gaan met u verdere verklaring wat u met behulp van u huidige regspan opgestel het vir doeleindes van hierdie Kommissie en dit is BEWYSSTUK C33. Sal u dit asse-blief voorlees? ---

"Ek, die ondergetekende Pieter Johan Verster verklaar

onder/...



onder eed soos volg:

1.Ek is besturende direkteur van die Burgerlike Same-werkings Buro.

2.BSB se regsverteenworodigers het aan my die beëdigde verklaring van generaal-majoor Klopper, BEWYSSTUK C7 beskikbaar gestel en ek het dit gelees. Onderhewig aan die kwalifikasies later hierin vervat

bevestig ek die juistheid van die bewerings vervat in paragrawe 4, 5, 6, 7,8, 9, 10, 11, 13, 14, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 23 en 24 daarvan.

3.Die beëdigde verklaring van generaal-majoor Webb BEWYSSTUK C4 is ook aan my beskikbaar gestel en ek het dit ook gelees. Ek bevestig ook die korrektheid van die bewerings daarin vervat.

4.Ek het ook die beëdigde verklarings van luitenant-generaal R. Badenhorst, BEWYSSTUK C2 gelees. Generaal Badenhorst en brigadier Engelbrecht het by twee geleenthede wat ek kan onthou samesprekings gevoer met seker lede van BSB. Die eerste geleent-heid het plaasgevind in 'n hotel en die tweede geleentheid het plaasgevind by BSB se kantore.

5. Ek was teenwoordig in die hotel toe hulle sekere lede van BSB gespreek het: Bert Brummer, Deon Calitz, Stephan le Roux, Christo en Louis. Hierdie persone is in my teenwoordigheid gespreek. Ek was egter slegs 'n waarnemer en was nie gevra om kommen-taar te lewer op enige van die mededeling wat hierdie lede gemaak het nie.

6. By die tweede geleentheid waartydens generaal Badenhorst en brigadier Engelbrecht lede van BSB

ondervra/...



ondervra het, was ek nie teenwoordig in die vertrek waar die lede gespreek is nie. By hierdie tweede geleentheid het generaal Badenhorst en brigadier Engelbrecht die lede ook individueel gespreek. Abram (Slang van Zyl) was nie by een van die twee geleenthede deur die ondersoekspan gespreek nie.

7. Ek handel vervolgens met die insidente in generaal Badenhorst se verklaring vermeld, wat tersaaklik is tot die Kommissie se ondersoek:

a. Chikane: BSB het nie enige opdragte gegee dat die bewegings en roetine van Chikane vasgestel moes word nie.

b. Bruce White, Gavin Evans, Dullah Omar: Bogenoemde persone is deur lede van BSB gemonitor as deel van BSB se normale werkswyse ten einde inligting te verkry.

c. Rosskam se motor: Ek ontken dat BSB by hierdie insident betrokke was.

d. Opblaas van Marius se winkel: Ek ontken ook dat BSB betrokke was by hierdie voorval."

Kom ons staan 'n bietjie stil daar. Is Marius die persoon wat ons nou ken as mnr. Botes? -- Dit is korrek.

En die persoon wat'n verklaring aan Vrye Weekblad verlede week gemaak het? -- Dit is korrek.

"e. <u>Beweerde moord op Buti van der Merwe</u>: BSB was nie betrokke by 'n persoon bekend as Buti van der Merwe nie.

f. <u>Die Delmasvoorval</u>: Ek dra geen kennis van hierdie insident nie en ontken dat BSB daarby betrokke was.

g. <u>Die Webstermoord</u>: BSB was nie betrokke by die moord

op/...



op dr. Webster nie.

h. <u>Die Athlone Bomvoorval en die Apie-projek</u>. Ek is deur my regsverteenwoordigers geadviseer dat ek nie verplig is om op enige vrae te antwoord wat my moontlik mag inkrimineer nie. Ek verkies om geen vrae te beantwoord met betrekking tot hierdie twee voorvalle nie, aangesien die antwoorde op sodanige vrae my moontlik mag inkrimineer.

8. Ek het op 2 Februarie 1990 skriftelik geantwoord op 'n lys vrae wat deur brigadier Mostert aan my gestel is. Ek bevestig die juistheid van die inligting vervat in die dokument. Ek versoek dat die lys skuilname vermeld in paragraaf 24 daarvan nie

K57. geopenbaar word nie, aangesien sodanige name gekoppel kan word aan projekte van BSB, wat weer kan meebring dat betroubare inligting wat kragtens die Wet op Beveiliging van Inligting teen openbaarmaking beskerm word, in gedrang mag kom.

9. Ek is deur die Kommissie versoek om behulpsaam te wees met betrekking tot 'n lys van projekte, die name waarvan aan my verstrek is."

Kan ons net 'n bietjie stilstaan by name. Ek dink die lys

wat aan u verskaf is bevat die volgende name: Active, Choice, Deplore, Toddler, Colbyn, Crawler, Direksie, Tourist, Cleopatra, Goldie, Bliss, Hilton, Maxi, Patriotic, Imperial, Onus, Maagd, Visarend en Sandbox, nie waar nie? -- Dit is reg.

Gaan voort. --

"Meer besonderlik is ek versoek om, indien moontlik, aan te dui welke van die projekte in die lys vervat sogenaamde binnelandse projekte en welke sogenaamde





buitelandse projekte behels. Daarbenewens is ek versoek om aan te dui welke binnelandse projekte, indien enige, binne die verwysingsraamwerk van die Kommissie se ondersoek val.

10. Lêers wat betrekking het op projekte word deur die streke waaronder die onderskeie projekte resorteer, gehanteer.

Nadat ek en ander lede en voormalige lede van BSB ingevolge die bepalings van artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid gearresteer en aangehou is en nadat lede van die Suid-Afrikaanse Polisie ter uitvoering van 'n lasbrief van die Kommissie BSB se kantore betree en op dokumentasie beslag gelê het, het baie van die lede van BSB uit vrees dat hulle identiteit en die aard van hulle projekte geopenbaar gemaak sal word, met die ge-paardgaande implikasies daarvan, kontak verbreek met hulle gewone roetine bevelskanale.

11. Nadat ek vrygelaat is het ek gepoog om met lede van onder andere Streek 6 in verbinding te tree. Dit is algemeen bekend dat lasbriewe vir die inhegte-nisname van sommige van Streek 6 se lede in Suidwes-Afrika uitereik is.

12. Al hierdie faktore het waarskynlik meegebring dat sommige van

die lede van Streek 6 besluit het om alle verbinding met my en die bestuur van BSB te verbreek. Tot op datum hiervan was ek nog nie in staat om met al die lede van die bestuur van die streek in verbinding te tree nie en ek kon gevolglik nie vasstel waar die lêers is wat moontlik betrekking het op projekte van Streek 6 nie. Sonder

insae/...



insae tot sodanige dokumentasie is dit nie vir my moontlik om, blot uit herinnering, uitsluitsel te gee oor die projekte vermeld in die lys wat die Kommissie tot my beskikking gestel het nie."

U sê tot op datum en die datum van die betrokke dokument waaruit u lees, dit is 16 Maart 1990, kan u hierdie paragrawe asseblief vir ons op datum bring, wat is die huidige posisie in verband met hierdie aspekte, want baie dinge het verander sedert die datum van u verklaring? -- As ek net in aanloop tot die vraag net iets kan sê. Met die beplanning van ons struktuur het ons bepaal dat die hantering van lêers en doku-mentasie sou volgens die normale, noem dit weermag hantering van lêers geskied, die hanterig van lêers. Ons het, en ek praat nou van in die era, seker ongeveer vyf jaar gelede, het ons ook 'n noodplan op daardie stadium as deel van die be-planning gehad en hierdie noodplan het dit daaroor gegaan as daar enige binnelandse politieke verandering sou kom, dan sal ons as deel daarvan wou beheer hê oor ons dokumentasie. Nadat ons koerante dopgehou het in die tydperk van Oktober tot ek sou sê alreeds in begin Desember van verlede jaar het ons gesien dat van ons mense word geïmpliseer, het ons 'n probleem begin kry met die moontlike openbaarmaking van mense se identiteite, die redes wat in die vorige verklaring gegee is

rondom veiligheid, families en het ek op 'n vroeë stadium,ek sou skat in die omgewing van middel Januarie, het ek opdrag gegee dat die noodplan in werking gestel moet word. Wat die noodplan betref, het dit behels die desentralisasie van lêers na daardie mense wat verantwoordelik is of deur 'n stelsel waardeur die lêers dan deur hulle na gekyk sal word. Daar was onder andere 'n spesifieke optrede wat deur een van die

vorige/...



vorige getuies genoem is rondom die hantering van sleutels. Daardie opdrag is deur my gegee oor 'n telefoon. Ek maak gebruik van 'n radiotelefoon en ek het dit aan 'n persoon, een van die persone, ek kan nie die spesifieke naam onthou nie, oorhandig en hulle het toe die sleutels wat beskikbaar was in teenstelling met wat vorige tye gesê is, is toe geplaas in 'n plek, doelbewus met die benadering dat geen lêer moet geneem word op so 'n wyse dat die een persoon van die ander een sal weet nie, wat beteken dat dit in die nag geskied het, maar daar was steeds 'n mate van beheer rondom die hantering van die lêers in terme van die noodplan. Wat toe egter gebeur het is, mense wat ek sou sê lojaal is teenoor my het gesê dat dit lyk of ek moontlik gekontamineer kan word as gevolg van al hierdie aksies. Dit het 'n kulminasiepunt bereik toe ons gekom het in die tydperk nadat ek in aanhouding was. Vir my was die aanhouding vir my onaanvaarbaar na 27 jaar diens dat ek as 'n terroris van die staat beskou was en die mense het vir my gesê ons is baie jammer, ons gaan nie vir jou sê waar die lêers spesifiek is nie, want daar kan verdere probleme wees en op hierdie oomblik het ek geen spesifieke kennis van waar die binnelandse projek wat rondom hierdie Kommissie gaan se lêers spesifiek is nie. Die kwessie van buitelandse lêers het daaroor gegaan dat buitelandse lêers het koördineerders soos wat die

binnelandse lêers dit het en as deel van die noodplan was ons bekommerd dat die koördineerders met mekaar kan praat en het ons op dieselfde wyse gereageer. Die be-skikbaarstelling van die buitelandse lêers het nou te doene daarmee dat ons besef en my ondergeskiktes besef dat dit buite die raamwerk van die Kommissie is om buitelandse lêers beskik-baar te stel en het ons dus nou, waarin ek dit in elk geval

nie/...



nie honderd persent kan waarborg nie, maar ek dink ons het goeie en beter beheer oor die buitelandse dokumentasie waarvan van die lêers dan alreeds aan u voorgelê is en dit is die huidige situasie rondom die lêers.

VOORSITTER: Ja, ek het 'n baie eenvoudige probleem. My probleem is net dit u wil nou hê dat ek moet u glo en die BSB glo dat hulle vir my sê wat is buiteland en wat is binnelands en ek dink nie dat die vertrouensverhouding dienooreenkomstig opgebou is dat ek net eenvoudig kan aanvaar as u vir my sê iets is buitelands nie. U kan dit tog seker besef? -- Ek besef dit.

Nou moet ek aanvaar dat die lêers wat, dat daardie lêers ook nie ter beskikking van die ouditeur-generaal gestel is nie, as deel van die noodplan? -- Nee, wat my betref heers daar baie groot misverstand rondom - so ek dink dit is suiwer as gevolg van ons stelsel, 'n kommunikasiegaping. Ek is ge-durende Maart, as ek nou onthou uit vorige verklarings, onge-veer 22 Maart was ek gesê dat die ouditeur-generaal wil sekere dokumentasie sien en dit gaan oor oudit. Ek het gegaan na 'n punt, die naaste moontlik aan Spesiale Magte. Hoofkwartier ek het gewerk deur brigadier Swart. Ek het vir brigadier Swart gevra dat ons die geleentheid gebied word om hierdie verteen-woordiger, ek kan dit onthou dat dit die onder-voorsitter of die adjunk ouditeur-generaal is wat persoonlik

daarby be-trokke was en ek het gevra dat hy asseblief na ons ligging toe sal kom omdat ek mag nie by Spesiale Magte. Hoofkwartier kom nie. Die boodskap van brigadier Swart was hy stel nie belang om na jou toe te kom nie, jy moet na hom toe gaan.

Maar het u vir hom gesê waar die dokumente is? -- Nee, dit het daaroor gegaan om die stelsel dan moontlik beskikbaar

te/...



te maak ... (tussenbei)

Het u vir hom gesê waar die dokumente is? -- Nee, nie op daardie stadium nie.

Nou wanneer het u vir hom gesê waar die dokumente is? -- Ek het toe 'n tweede vraag gevra vir brigadier Swart en dit was, kan u vir my sê wat is die name van die projekte wat ter sprake is en die boodskap terug, via brigadier Swart was, hy stel nie belang om die name vir my te gee nie.

Maar u het geweet dat daar 'n opdrag van die Parlement was dat alles geoudit moet word? -- Dit is korrek.

En dit het, daardie opdrag van die Parlement het u on-moontlik gemaak tot op datum. -- Nee, ek het baie hard probeer en 'n derde poging aangewend waar ek die persoon genooi het na ons kantore toe.

Wanneer? -- Dieselfde dag, dit was die derde poging en hy het gesê hy stel nie belang om met my daaroor te praat nie en daarna het die ouditeur-generaal kontak verbreek. Die gedagte van my, as u vir my 'n oomblik sal gee, as 'n persoon 'n lêer voorlê aan die ouditeur-generaal dan is die persoon wat die lêer daar hanteer as gevolg van ons stelsel, kan nie noodwendig die antwoord gee nie. So ek moet 'n persoon oor die lengte en breedte dalk van die aardbol kry om in die om-gewing te wees. So al wat ons wou uitklaar met die ouditeur-generaal om daardie lêer dan met die

persoon wat gereed staan beskikbaar te stel en om spoed te kry, kan die ouditeur-generaal dan kyk na die lêer en dan as hy kyk na die lêer kan daar moontlik navrae wees en dan moet 'n persoon ry, die koör-dineerder moet dan ry na die punt toe en die navraag met die persoon wat verantwoordelik is uitklaar en weer terugkom. Ons het dit in ons interne ouditering gebruik en brigadier Pheil het/...



het gesê dit is 'n stelsel wat baie goed werk en dit is al wat ons wou gedoen het, maar deur swak kommunikasie wat ek nie wil toeskryf aan enigiemand nie het ons nooit daarby uitgekom nie.

Nou ek gaan nou net vir u 'n paar dinge stel oor wat gebeur het en dan vertel u vir my u weergawe: Wanneer is u gearresteer? -- Dit is nie 'n datum wat ek graag sal wil onthou nie.

Wanneer is u vrygelaat? -- Ek sou skat dit is hier in Maart rond.

Weet u wanneer in Maart?-- Einde Maart rond, begin April as ek reg - ek kan dit nou nie spesifiek onthou nie.

Goed, op 22 Maart - wanneer het u beheer oor die sleutels geneem soos Braam getuig het? -- Ek het nie beheer ooit oor sleutels geneem nie.

Maar die opdragte gegee? -- Dit was sou ek sê êrens in Januarie.

Nou weet ons, Braam sê dit ook, dat op 22 Maart het 'n ouditeur by Spesmagte na finansiële en operasionele lêers gekyk. Hy was besig om Streek 6 se Projek Goldie, dit is Slang van Zyl se projek om dit te oudit en toe het daar 'n opdrag gekom reguit volgens Braam wat hy sê van u gekom het nadat u met brigadier Swart gepraathet dat die ding gestopmoet word, onthou u dit? -- Nee, ek onthou dit nie. Ek weet ...

(tussenbei)

Onthou u dat u 'n samespreking gehad het met brigadier Swart oor die beëindiging van 'n oudit wat aan die gang was? -- Nee, my kwessie het net gegaan oor die pratery rondom 'n behoorlike oudit waar die ouditeur-generaal, waar is 'n vroeë datum ... (tussenbei)

Nee ek praat nou, weet u van 'n geleentheid waar mnr.

Brits/...



Brits besig was om te oudit en hy is toe die middag gesê om nie weer terug te kom nie. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Weet u dat Braam toe gesê is dat hy kan nou maar wegbly en hy het toe met vakansie gegaan of iets? -- Nee.

Hy sê dit was op u opdrag gewees. -- Nee, ek het vir hom op 'n stadium het ek vir hom gesê dat ons besig is om 'n stelsel te probeer kry om te oudit en hy was voltyds beskikbaar. Ek weet nie hoekom hy spesifiek nie op sy plek was nie.

Maar hy sê dan u het gesê hy kan gaan. So moet ek aanvaar dat hy nie die waarheid praat nie? -- Ek dink hy is maar soos ons almal onder druk gewees. Ek weet nie hoekom hy dit gesê het nie.

Goed, nou ek wil nie na die detail toe gaan nie, maar op 'n stadium het en dit is nou op 29 Maart, dit is nou 'n week later, weet u dat die Kommissie en die ouditeur-generaal by Speskop opgedaag het? -- Dit is korrek. Dit is die insident waarvan ek u netnou vertel het.

Kom ons staan net 'n bietjie stil by daardie insident en Braam het toe die plek kom oopsluit? -- Ek het, hy kom nooit as 'n reël daar nie, maar ek weet ek het vir hom 'n opdrag gegee dat hy moet die verteenwoordiger daar wees.

Goed, toe was, daardie dag was die lêer waarmee mnr. Brits, die ouditeur besig was, Goldie, weg. So die Goldie lêer het

verdwyn uit die kluis tussen 22 en 29 Maart. -- Ek weet nie of dit so is nie. Ek kan nie daar kom nie.

Nou u sê daar is mense wat u beskerm. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Wie is daardie mense wat u beskerm? -- Ons het, dit is enige van die lede binne die struktuur. Ek kan nie 'n

spesifieke/...



spesifieke naam noem nie omdat... (tussenbei)

Maar wie het vir u gesê dat hulle die dokumente het of geneem het? -- Dit is wat ek vir u wil sê. Ek het een aand 'n oproep gehad. Ons het 'n stelsel waarvolgens jy jou stemtoon kan verander, 'n persoon het my geskakel en vir hom gesê jy het 'n probleem, jy kan vir ons in die moeilikheid kry, ons gaan die lêers wegvat. Ons hou dit in terme van die noodplan en ons is nie bereid om vir jou enigiets verder daaromtrent te sê nie.

Nou ek aanvaar dat persone wat weet van die noodplan moet mense wees in die bevelstruktuur bokant u?-- Bokant my?

Ja.

MNR. McNALLY: Meer senior.

VOORSITTER: Meer senior. -- Nee, nee ek dink nie so nie. As ek praat van die noodplan is ek die senior in terme van BSB.

Met ander woorde dan moet dit, dit kan beswaarlik iemand in Streek 6 wees kan dit? -- Nee-nee, ek dink nie dit kan nie.

So dit is nie een van die lede van Streek 6 gewees nie? -- Nee, ek dink nie so nie.

Dan moet dit òf 'n administratiewe persoon wees soos Braam. Is dit reg? -- Nee, Braam ... (tussenbei)

Hoekom nie? -- Omdat Braam volgens die beplanning van die stelsel is suiwer in 'n posisie geplaas waarhy as 'n skakel dien.

Ja, maar hy het tog die dokumente hanteer van dag tot dag.

So hy is - hoekom is hy nie lid van die noodplan nie? -- Hy het spesifiek op daardie tydstip het hy enige administrasie, ek wil net dit vir u verduidelik - mense het nie meer op lêers gewerk nie. Ons het 'n stelsel omdat ons nie enigiemand op 'n lêer wil laat kyk nie, dan maak ons

partykeer/...



partykeer gebruik van koeverte. As iemand miskien met vakansie gaan dan merk jy net die projek bo-op die lêer en dan hou jy die dokumentasie tot daardie persoon terugkom. So die presiese detail, en ek self kom nie elke dag by daardie kantore nie omdat ek landswyd by verskillende punte werk.

Nee wag, dit is nie so maklik nie. U het die noodplan in werking gestel middel Januarie? -- Dit is korrek.

Goed, nou wat het dit behels? -- Dit het behels dat die sleutels geneem word deur 'n persoon vanaf 'n spesifieke punt gedurende die nag waar...(tussenbei)

Wie is daardie persoon? -- Ekskuus?

Wie is die persoon? -- Ek weet nie wie hy is nie. Dit is deel van die plan is dat die persoon, dit is 'n afgespreekte stelsel wat jare terug beplan is dat hy gaan haal sy sleutel en dan in die nag doen hy dit sonder dat die een persoon die ander een kontamineer omdat ons besef dat daar kan probleme kom rondom die lêers. Dit is 'n spesifieke werkswyse.

Met ander woorde u sê die lêers is soos met ander woorde uit die kluis verwyder gewees het by Speskop in middel Januarie, want toe het u die noodplan in werking gestel. -- Dit hang af watter lêers. Ek kan nie spesifiek vir u sê nie. Dit gaan meer oor die beheer van dokumentasie waar 'n persoon, hy kan die lêers in 'n kluis by 'n kantoor hê, hy kan dit enige plek hê of van die lêers kon daar gewees het.

Nee kom-kom, dit is nie so eenvoudig nie. Braam het al die lêers ingeroep middel Januarie en hy het hulle laat toe-sluit by Speskop. So hy moes deel gehad het aan die nood-plan, want eerstens het hy gesorg dat hy beheer kry oor al die lêers. -- Ek dink nie Braam weet of hy beheer oor al die lêers gehad het as hulle in tasse toegesluit is met 'n kode.





Die feit is hy het, wat hy gedink het al die lêers is, in besit geneem in die middel Januarie. -- Ek dink hy kon 'n fout gemaak het.

Ja-nee, hy dink nie self so nie, maar hoe dit ookal sy hy het in besit, die tasse dan in besit geneem en gaan toesluit in die geloof dat hy besig is om die lêers toe te sluit. -- Ek sal nie detail van dit sal ek nie weet nie, wat my betref ... (tussenbei)

Wel hy sê dit òf hy praat die waarheid òf hy praat nie die waarheid nie. Kom ons veronderstel vir 'n oomblik hy het die waarheid gepraat. Nou goed, nou het hy die tas, die goed gaan toesluit by Speskop, hy het die sleutel gaan plaas op die plek waar hy dit moet plaas. Wat ek vir u sê is dat ten minste weet ek dat op 22 Maart van vanjaar was daar 'n binne-landse lêer gewees in daardie kluis en daardie lêer het verdwyn tussen 22 en 29 Maart. -- Ek dink daar is 'n misver-stand.

Dit kan nie 'n misverstand wees nie. -- Omdat, daar mag 'n persepsie by u wees dat dit 'n lêer was. Dit kon enige ander dokument of verrekeningsdokumente gewees het.

Wel dit is, ek sê mos wat dit is. Dit is die Goldie stukke en daardie Goldie stukke, Projek Goldie stukke was op 29 Maart nie meer in die kluis nie. Dit is eenvoudig, dit is nie 'n verkeerde persepsie nie. Wat is verkeerd met die per-sepsie? -- Die persepsie oor wat is 'n Goldie lêer en wat is nie 'n Goldie

.... (tussenbei)

Nou kom ons noem dit dan Goldie papiere. Daar was Goldie papiere, bewysstukke gewees op die 22ste en hulle was weg op die 29ste. Nou kan u dit vir my verduidelik? -- Nee, ek sal nie kan nie. Ek het 'n plan uitgevaardig. Volgens die

plan/...



plan moes mense opgetree het.

Nou sê u vir my wie moes opgetree het volgens die plan? -- Dit is enige verantwoordelike lid ten opsigte van enige projek, maar wat dit gedoen het op so 'n wyse dat hy nie gekontamineer word deur enigiemand anders nie.

Aan wie het u die plan opgedra? -- Ek het vir u gesê netnou dat ek dit oor 'n telefoon geskakel het, ek het met 'n persoon gepraat en gesê versprei die storie dat ... (tussenbei)

Nou met wie het u gepraat? -- Ek het vir u gesê dat ek nie kan onthou wie die persoon is nie. Dit was oor 'n tele-foon gewees.

MNR. McNALLY: Ek wil hierdie paragraaf 10 van u in diepte probeer ontleed. Die eerste sin daarvan lui soos volg:

"Lêers wat betrekking het op projekte word deur die streke waaronder die onderskeie projekte resorteer gehanteer."

Nou in daardie ongekwalifiseerde vorm strook daardie ge-tuienis van u nie heeltemal met ander getuienis wat voor die Kommissaris geplaas is nie. Wil u dit enigsins kwalifiseer of is dit heeltemal korrek soos dit hier staan? -- In watter opsigte strook dit nie?

Die opsig is dat ons gehoor het van getuies dat hierdie projeklêers nie deur die streke gehou word nie, maar dat dit by Speskop aangehou word. -- Dit is die konvensionele plan teenoor die noodplan en dan is daar ... (tussenbei)

Maar hier praat u van die konvensionele situasie né? -- Maar

enigiemand kan 'n lêer hanteer. Dit gaan meer oor waar die lêer gehou word op sekere tye.

Goed, stem u saam met die getuienis dat die projeklêers

by/...



by Speskop gehou was in 'n kluis? -- Dit is korrek met die oorspronklike plan.

VOORSITTER: Maar u sien, ek het 'n ernstige probleem. Ek dink hierdie beëdigde verklaring is uiters misleidend, stem u daarmee saam? U verswyg die feit dat daar 'n noodplan was. Is dit reg en hoekom het u dit verswyg? -- Daar was geen spesifieke rede nie. Ek het, die lêers word nog hanteer binne 'n noodplan of in 'n konvensionele plan hanteer die streke alleenlik hulle lêers. Ek dink ... (tussenbei)

Maar u het nou net vir my gesê dat u is tevrede dat die lede van die bestuur van die streek nie in besit is van die Streek 6 lêers nie? -- Wat daar bedoel word is slegs die hantering. Met ander woorde as daar iets gedoen moet word ten opsigte van 'n lêer. Dit was die bedoeling daar.

Nee-nee luister, u het netnou vir my vertel dat as gevolg van die noodplan hierdie lede van Streek 6 is nie in besit van Streek 6 lêers nie, as gevolg van die inwerkingstelling van die noodplan. Is dit reg? -- Ja.

Nou hoekom het u hier gesê in die beëdigde verklaring tot op datum hiervan was ek nie in staat om al die lede van die bestuur van die Streek in verbinding te tree nie en kon ek gevolglik nie vasstel waar die lêers is wat betrekking het op die streek nie? Dit is nou Streek 6. -- Dit is korrek.

Dit is mos nou onwaarheid, want u het geweet hulle is nie in besit daarvan nie, want die noodplan is in werking?-- Maar miskien toe ek die verklaring opgestel het, het ek nie gedink dat

die lêers so 'n groot saak sou wees nie.

Ag kom nou. Toe het u maar om daardie rede nie die waarheid gepraat nie? -- Nee, ek het nie 'n onwaarheid nie, ek het dit miskien net nie so ingesien op daardie stadium nie.

Wat/...



Wat het u nie ingesien nie? -- Dat dit nou, soos wat u dit nou gestel het.

Dat dit 'n onwaarheid is? -- Nee, ek het dit nie enigsins as 'n onwaarheid bedoel nie.

Maar dit is 'n onwaarheid soos dit daar staan, stem u saam? -- Onder die omstandighede het ek nie met dieselfde insig daarna gekyk nie. Ek dink nie ek het 'n onwaarheid gepraat nie.

Soos dit daar staan is dit nie die waarheid nie? -- Nee, soos dit daar staan is dit vir my die waarheid.

Dan weet ek glad nie wat die waarheid is nie, dan het ek ernstige probleme om te verstaan wat u vir my wil sê. 'n Noodplan is in werking, die lede van Streek 6 is as gevolg daarvan nie in besit van die lêers nie, maar hier het u te kenne gegee dat omdat u nie in verbinding kan tree met die lede van Streek 6 nie, kan u nie vir my sê waar die lêers is nie en u sê u het nie geweet dat die lêers belangrik is nie, maar u gee 'n drie bladsy lange of twee bladsye lange ver-duideliking dat u nie u storie nie kan vertel watter projekte binnelands en watter projekte buitelands is nie, want u weet nie waar die lêers is nie. So u sê dit is nie belangrik nie.

-- Nee, die lêers is belangrik. U het miskien vir my daar verkeerd verstaan.

MNR. McNALLY: Kom ons hanteer dit op die basis van 'n verskil tussen u getuienis vandag en u getuienis in die beëdigde ver-

klaring. Stem u saam dat daar 'n verskil is tussen wat u hier sê, naamlik dat u nie die lêers kan opspoor nie, want u kan nie in verbinding tree met die Streek 6 mense, hoewel u vandag nou sê dat u die Streek 6 lêers nie eers by die Streek 6 mense sou kon kry nie? -- Die benadering is dat mense kan weet, dit

kan/...



kan natuurlik wees dat iemand binne 'n streek weet van sy lêers of dit kan wees dat hy nie daarvan weet nie. Binne 'n noodplan word dit êrens weggesteek waarvan ek weet nie. So ek voel dit sou natuurlik wees om ook navraag te doen by enig-iemand wat betrokke is by BSB. Dit kan selfs by iemand wat nie normaalweg daarmee te doen het nie, maar ek spesifiek het nie die presiese besonderhede van waar die lêers gehou word nie.

VOORSITTER: Wat is u vermoede? -- Ek - op die oomblik het ek geen vermoede nie.

Maar u weet nou waar - as gevolg van die noodplan inwer-kingtreding weet u nou waar buitelandse lêers is. Is dit reg? -- Ek weet glad nie waar die buitelandse lêers is nie.

Maar u weet om waar tot hulle toegang te kry? -- Ek kan alleenlik deur die buitelandse koördineerders kan ek probeer om lêers in die hande te kry.

Ek het gedog daar was 'n aanbod gewees ...? -- Ja, binne die stelsel.

Ek het gedog daar was 'n aanbod gewees dat 98% van die lêers gevind kan word? -- Dit is korrek, maar nie ... (tussenbei)

So dan weet u waar hulle ...?-- Nee, ek weet nie waar hulle is nie.

So u weet hoe om hulle te kry? -- Ek mag moontlik weet hoe om hulle te kry.

U mag net bloot moontlik weet. So die aanbod beteken niks

nie? -- Nee, dit is nie waar nie. Ek sal dit anders stel en sê ek weet waar hulle is. Ek kan net nie elke lêer waarborg nie.

So u weet waar die lêers is? -- Die buitelandse lêers.

Goed/...



Goed, nou hoe het dit weer gebeur dat u nou skielik weet waar die buitelandse lêers is? -- Omdat ek vir u gesê het dat ons het gevoel dat dit buite die jurisdiksie van die Kommissie val en daarom was die koördineerders of die klerke wat daarmee werk het vir my gesê hulle sal uit hoofde daarvan dit beskik-baar stel nadat ek hulle die ouditprobleem en die misverstand wat daar ontstaan het verduidelik en dit het gelei daartoe dat hulle toe vir my gesê het hulle kan dit beskikbaar stel.

So u is nie in staat om vir sulke mense bevele te gee nie, vir klerke om bevele te gee nie? -- In 'n normale situasie sou ek geweet het. Ons is in 'n abnormale situasie waarbinne die staat besluit het dat ek 'n terroris is en daarom ... (tussenbei)

Die staat het nie besluit u is 'n terroris nie. Die vraag gaan oor 'n eenvoudige situasie. U is 'n offisier of iemand met die rang of posisie van 'n offisier in beheer van 'n militêre instelling en u wil vir my sê u is nie in staat om vir 'n klerk 'n opdrag te gee nie? -- Ek is in staat om vir enigiemand opdrag te gee, maar onder die omstandighede is my hele ... (tussenbei)

Sal u dit nie doen nie? -- Nee, is my posisie verander, dit is buite my beheer en as gevolg daarvan het mense wat die hele openbaarmaking van BSB beskou het soos die Kerkstraatbom. Vir ons is dit lewensnoodsaaklik. Ons voel dat ons vir die res van ons lewens sal daaronder lei en daarvolgens het ons in selfbehoud en selfbeskerming opgetree en dit was in my opdrag.

MNR. McNALLY: Is die noodplan op skrif? -- Nee, dit is nie op skrif nie, want dan is dit onnodig beskikbaar vir almal.

VOORSITTER: So u sê dit is ses jaar oud? -- Ja, dit is 'n be-nadering, dit is 'n werkswyse.

Maar/...



Maar as dit ses jaar oud is, is dit voordat u by BSB gekom het? -- Nee, ek het gesê dit is ongeveer vyf jaar en dit is 'n benadering wat sedert die stigting, hierdie aksies kom al van 1980, die formalisering van BSB het eers plaasgevind in April 1986.

MNR. McNALLY: Sou Christo Brits weet van die noodplan? -- Christo Brits behoort 'n oorhoofse begrip te hê, maar tot nou toe het ek gesien dat hy het hier en daar probleme gehad toe hy voor die Kommissie die laaste tyd nie behoorlik ... (tussenbei)

Het u hom ingelig oor die of in terme van die noodplan? -- Nee, behalwe die telefoonoproep het ek - ek kan nie sê ek het hom spesifiek ingelig nie.

Maar wie binne die Streek 6 opset is ingelig oor die terme van die noodplan? -- Die benadering van die noodplan is van so 'n aard dat in Streek 6 is die bevelskanaal soos hy neergelê is. As ons praat van die koördineerder wat dan werk na die streeksbestuurder toe. In hierdie geval kan die streeksbestuurder self nie by dokumentasie uitkom nie. Dit kan wees dat daar 'n reëling was met sê nou maar sekerheids-personeel en dat omdat die mense geweet het daar word gefokus op Streek 6 dat hulle gesê het ons raak nie aan die lêers nie, vat dit weg, ons gaan nie weet waar dit is nie. Daar kon enige spesifieke ondergeskikte rede gewees het waarvoor ek nie nou kan sê hoe hulle dit implimenteer het nie.

Nee, maar die vraag is wie binne die Streek 6 opset het van die noodplan geweet? -- Almal weet van die noodplan, maar in Streek 6 kon dit nie toegepas gewees het nie, omdat die fokus was op hulle gewees.

VOORSITTER: So Braam het ook geweet van die noodplan?

-- Braam/...



-- Braam het geweet van die breë noodplan, maar nie spesifiek nie omdat hy slegs 'n koördineerder ... (tussenbei)

Nou goed wie het geweet van die spesifieke terme van die noodplan? -- Die ander streke, alle koördineerders, streekbe-stuurders, personeellêer ondergeskiktes behoort daarvan te geweet het soos hulle dit mondelings vir mekaar oorgedra het.

Maar die administratiewe bestuurder toevallig nie? -- Nee, die administratiewe bestuurder het 'n breë begrip gehad, maar hy kan nie in die noodplan weet wie het die lêer nie.

Maar hy ken nie die terme van die noodplan nie? -- Hy het die begrip van die noodplan het hy miskien gehad, maar nie die, hy kan nie sê wie hanteer die lêers, waar word die lêers gehou en wie is spesifiek op daardie stadium die alternatiewe persoon wat ook weet daarvan nie, omdat dit so beplan was dat hulle nie sal weet nie.

MNR. McNALLY: Wat is die spesifieke terme van die noodplan ten opsigte van die hantering van die projeklêers tydens 'n noodsituasie. Gee ons stap-vir-stap wat die terme van die noodplan is? -- Die terme van die noodplan het dit eintlik slegs behels dat daar 'n punt sou wees waar die sleutels gelaat word. Gedurende tydperke, met ander woorde die nag-telike ure wanneer mense mekaar nie kan kontamineer nie, sou soos wat hulle dan onderling besluit, sou hulle dan weer ...
(tussenbei)

Wie is hulle? -- Elke streek, elke verantwoordelike lid, elke projekbestuurder sou dan 'n projek ge ... sou dan hulle eie posisie gekies het waarvan die een nie van die ander weet nie en hulle sou dan die sleutel vat, hy gaan na 'n punt toe of dit kan wees

dat hy daardie dag sy lêer in sy besit gehad het, hy gaan sit hom op 'n plek wat hy self kies. Dit kon

wees/...



wees soos in vorige verklarings verduidelik is. Die een nag het dit geslaap by 'n ander kantoor, kry daardie lêers uit en gaan sit dit op 'n plek waarvan net hy weet en moontlik 'n alternatief as daar 'n alternatief beskikbaar is.

Nou ons weet van Braam dat die sleutels deur u aangevra is en dat u hom opdrag gegee het om dit in 'n "dead letter-box" soos hy dit noem agter 'n hek by die BSB perseel te sit. Is dit korrek? -- Op een van die persele te laat. Dit is korrek.

Nou volgens die noodplan wie sou geweet het dat u so sou optree? -- Dit het na aanleiding van die telefoonoproep wat ek gemaak het sou op die middelvlak en op die binnekring bestuursvlak sou mense dit oorgedra het as die persoon beskik-baar was en behoort dit dan deurgesyfer het na al die mense wat verantwoordelik is. So ek kan nie by name vir u spesifiek sê, maar dit was prakties moontlik.

Volgens die noodplan is u seker met 'n spesifieke persoon dan in aanraking om hom te sê dat u daardie stap geneem het om beheer uit te oefen oor die sleutel. -- Wat my betref het ek dit gesê. Ek het gesê dit was 'n telefoonoproep wat gemaak is na die kantoor van die middelvlak waarvandaan dit dan versprei sou word. Dit is soos wat dit in enige projek die werkswyse is.

Maar u praat van 'n middelvlak, maar ek wil weet met wie het u geskakel op middelvlak? -- Nee, ek het netnou vir u by twee geleenthede gesê ek weet nie wie die persoon was nie. Dit is een van my mense wat die telefoon dié besondere dag ge-antwoord het.

Kan u vir ons uitvind? -- Nee, dit sal nie moontlik wees nie, want dit is suiwer op my geheue en ek kan dit nie onthou

nie.

Volgens die noodplan moes u seker met 'n spesifieke persoon in aanraking gekom het. -- Nee, ek het net vir hulle gesê op daardie stadium waar die sleutel gehou word. Vandaar af moet julle voortgaan en soos wat ons in die verlede gepraat het dit hanteer en daarna het hulle aangegaan op hulle eie.

Wie is die moontlike persone wat daar betrokke kon gewees het? -- Dit kon enigiemand wees van 'n klerk tot 'n koördineerder wat op daardie stadium die telefoon geantwoord het.

Sou u hierdie belangrike boodskap aan 'n klerk gegee het? -- As dit aanvaarbaar is dat die klerk daardie lêers kon hanteer dan sou ek dit gesê het.

Uit hoeveel mense, moontlike mense kan hierdie groep mense bestaan wat, met wie u moontlik gepraat het. Praat ons van tien mense of drie mense? -- As 'n mens rofweg 'n som maak dan kan 'n mens sê dit is die aantal streke, met die aantal persvin(?) koördineerders, dit kan in die omgewing van 20 tot 30 mense wees en sekere van die bestuurders wat ook by die kantoor kan kom.

So sê u dat u daardie telefoonoproep gemaak het aan een van tussen 20 en 30 mense? -- Ja, dit is so. Daar kom nie enigiemand by ons kantore nie.

En u kan nie onthou aan wie u hierdie belangrike bood-skap deurgegee het nie? -- Nee, onder die druk en die feit dat ek nie elke dag by die kantore kom nie, kan ek dit nie spesifiek onthou nie.

En hoe sou daardie persoon dan toegang kry tot Spesmagte se kluis?-- Hulle sal met die sleutels in hulle kar geklim het en na-ure miskien soontoe gery het en ingegaan het en die

lêers weggevat het.

VOORSITTER: Maar daar moet tog seker 'n aantekening by Speskop wees as hulle daar inkom en uitry?-- Nee, dit sal ek nie weet nie. Ek kom jare nie meer daar nie.

Maar toe u daar gekom het? -- Vroeër dae was daar hek-wagte, maar daar is blykbaar 'n stelsel waardeur jy met een hek na die hoofkwartier toe gaan in my tyd en spesifiek na ons kantore toe was daar geen beheer nie, want ons het 'n afsonderlike kanaal om in te kom in die gebou.

MNR. McNALLY: Kan ek u weer fokus op hierdie inleidende sin van paragraaf 10. Is dit korrek dat u 'n gesentraliseerde stelsel gehad het vir projeklêers waarvolgens alle projek-lêers hetsy binnelands of buitelands geliasseer was in die kluise by Speskop waar mev. Viljoen gewerk het? -- Dit is korrek, maar daar was, dit kan wees - daar was variasies wat u van weet. Wanneer is die lêers nie daar nie, wat die be-nadering was so gewees aanvanklik.

So alhoewel dit op streekvlak moontlik hanteer was sê u dat die lêers op gesentraliseerde wyse geliasseer was by Speskop buite beheer van die streekowerheid? -- Dit is korrek in die konvensionele stelsel.

Ja, nou u sê verder in u verklaring dat nadat artikel 29 toegepas is het u kontak verloor met sekere van u lede. Is daardie kontak nou weer opgebou en herstel? -- Nee, daar is probleemareas wat ek nie graag hier sou wou bespreek nie. Mense wat nie bereid is om na die gewone punte toe te kom nie, mense wat nie bereid is om kontak te maak nie. Dit hang nou af of hy bewustelik of onbewustelik is.

Wat Streek 6 spesifiek aanbetref het u weer kontak herstel met al u lede? -- Deur middel van die streekbestuurder

het/...

het ek kontak, ja.

So u het nie meer probleme in daardie verband nie. 'n Probleem wat u hier uitstippel bly nie meer voortbestaan nie? -- Nee, ek het 'n probleem met byvoorbeeld dokumentasie omdat daar - ons voel dat daar is 'n probleem dat mense nie geredelik na vore wil kom met dokumentasie van spesifieke projekte nie.

Is dit korrek dat u 'n reëling met die ouditeur-generaal aangegaan het waarvolgens u sou toesien dat hy vanaf Maandag van volgende week insae sal kry in die buitelandse projek-lêers? -- Dit is honderd persent indien dit volgens die stelsel kan plaasvind, want dit is vir ons ondenkbaar om lêers vrylik beskikbaar te stel wat kan lei tot, as daar navrae is dat selfs binne ons eie struktuur, mense dan kan sien wat op mekaar se lêers aangaan, maar as dit 'n geordende stelsel is daar honderd persent samewerking van ons kant af sal wees.

Het u enige voorbehoude of probleme met die moontlike beskikbaarstelling van daardie lêers aan die ouditeur-generaal volgende Maandag? -- Ek het nie enige probleem daaromtrent nie, maar ek kan dit nie waarborg nie. As iemand geskrik het, as name genoem is en iemand sou op 'n manier dan 'n probleem hê dan kan ek dit nie waarborg nie, maar ons samewerking is andersins honderd persent.

Maar soos dinge vandag staan soos wat u daar sit? -- Is die bedoeling dit, honderd persent.

En u voorsien geen probleme met die beskikbaarstelling van die buitelandse projekte aan die ouditeur-generaal? -- Dit is korrek.

Nou hoekom kan dieselfde reëling nie gemaak word ten op-sigte van die binnelandse lêers? -- Omdat ons voel dat die

buitelandse/...

buitelandse lêers val nie binne die raamwerk van die Kommissie nie. Wat die binnelandse lêers betref het mense geskrik en weet ons nie waarnatoe hierdie saak gaan nie. Ons weet nie hoe gaan die mense se identiteite ontbloot word nie en die mense is nie bereid om met my daaroor te praat nie.

Maar as u die buitelandse lêers kan opspoor wat uit dieselfde kluiskompleks kom as wat die binnelandse lêers verwyder was, hoekom kan u nie langs daardie weg die persoon vasstel wat die binnelandse lêers in sy besit het? -- Dit kom nie uit dieselfde kluiskompleks nie.

Ons het dit so pas uitgeklaar in die getuienis. -- Nee, wat ek vir u gesê het is, dit was die konvensionele stelsel. Ek het vir u verduidelik dit is in 'n normale situasie. Ons is nie wat die binneland betref in 'n normale situasie nie. Dit is nie normaal om 'n staatsaangestelde besturende direk-teur toe te sluit onder artikel 29 nie.

Nee wag 'n bietjie.

VOORSITTER: Nee, maar ek dink u moet net 'n bietjie perspek-tief hier hou, want u verloor die perspektief. U het die noodplan in werking gestel, middel Januarie omdat u gevrees het daar kom 'n kommissie van ondersoek? -- Dit is korrek.

Dit het niks te doen met u opsluiting wat eers heelwat later plaasgevind het. -- Dit het my beheer op daardie punt baie moeiliker gemaak.

Maar so, om elk keer met daardie antwoord te kom, is nie, gee valse perspektief aan gebeure en die klagte of die bewering waarom dit gegaan het en u het dit altyd geweet, die hele ding het sy oorsprong by die dood van dr. Webster en dit het daartoe aanleiding gegee dat daar gevind is dat daar 'n bomontploffing plaasgevind het. Is dit nie so nie? So dit

is, ek weet nie wie moet u blameer vir die feit dat sulke be-skuldigings gemaak word.

MNR. McNALLY: As ek mag terugkom na my vraag mnr. die Voor-sitter, die punt van die saak is dat voordat die noodplan in werking gestel is, was al daardie lêers saam in die kluis-kompleks van Spesmagte, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Nou indien u in staat is om die buitelandse lêers op te spoor, beskikbaar te stel is u nie dan ook in staat om vas te stel wie beheer oor al daardie lêers geneem het en langs daardie roete vir ons te lei tot by die binnelandse projek-lêers. -- Ek voel dat ek baie duidelik die atmosfeer ver-duidelik het. Die verskil tussen die binnelands en die buite-lands en ek het nie, ek kan nie dieselfde ten opsigte van die binnelandse doen nie vir die redes wat ek reeds genoem het.

VOORSITTER: Maar daar is 'n baie eenvoudige antwoord op wat u stel en kom ons neem nou maar die Omar-projek. Al die persone wie se identiteit geopenbaar kan word oor die Omar-projek is reeds geopenbaar, nie waar nie? Is dit reg? -- Ek wil nie graag nou daaroor bespiegel nie.

Nee, wel, maar u bespiegeling gaan u nêrens bring nie, wat ons weet wie by Omar betrokke was. Is dit nie so nie, ons het nou volle besonderhede. Reg of verkeerd, maar ons het. Is dit reg? -- Nee, ek weet nie of dit reg is nie.

So u weet nie van iemand anders wat gekontamineer kan word op Omar nie? -- Nee, uit die vuis uit kan ek nie presies vir u sê nie.

Nou u sê dat wat Omar aanbetref was dit suiwer monitering gewees, reg? -- Dit is korrek.

Ander mense sê dit was 'n poging tot moord gewees. U weet dit né?-- Dit kan so wees.

So/...

So as die lêer beskikbaar is dan kan dit alleen ten goede wees, want dan kan 'n mens mos sien wat die opdrag was of wat die goedkeuring was. Is dit nie so nie? -- Dit is so.

Dan verstaan ek nie u probleem nie? -- My probleem is dat ek sit met uiteenlopende projekte ... (tussenbei)

Nee maar kom ons handel net met Omar. Met ander woorde die persoon wat die Omar-lêer in sy besit het of die stukke omtrent Omar doen die BSB 'n onguns aan en hy doen u 'n onguns aan? -- Dit mag so wees.

En u sê, want die lêer behoort u onskuld te bewys. Is dit nie so nie?-- Dit kan so wees.

So u sê... ? -- Ek het nie toegang tot die lêer nie, anders kon ek dit vir u beskikbaar gestel het.

Nee, ek verstaan net nie die motivering van die onbekende mense wat, as hulle vir my die Goldie-lêer bring, vir my kan wys dat daar nie 'n verwysing na dr. Webster is nie. -- Nee, ek weet nie hoekom u dit nie verstaan nie.

Nou wel ek het nou aan u my probleem gestel en ons weet almal wie Streek 6 se mense was en as u op 'n selstruktuur werk dan weet u nie wat die probleem is nie? -- Ja, maar daar is onbewustelike lede waarvan ek nie weet nie.

Ja, maar die onbewustelike lede kon nie beslag gelê het op die lêers nie, want hulle sal nie van die noodplan weet nie? -- Dit sal ons nie weet nie. 'n Onbewustelike lid kan in enige plan kan 'n onbewustelike lid voorgelig word.

Met ander woorde u sê die onbewustelike lede kon toegang gekry het tot BSB se lêers? -- Nie tot BSB se lêers nie, maar dalk tot spesifieke lêers, dit is moontlik.

Nee, maar al die binnelandse lêers. -- Nee, ek kan nie sê tot ... (tussenbei)

Want/...

Want hulle is saam weg. -- Dit kan nie, ek weet nie, maar dit kon gewees het. Dit is moontlik.

Ag dit is mos belaglik? -- Nee, mnr. die Voorsitter.

Hoe gaan 'n onbewustelike lid weet ten eerste waar is die kantore, wat die noodplan is? Dan is hy mos 'n bewustelike lid. -- Nee, dit kon êrens oorhandig gewees het in 'n ketting wat ek nie nou vir u kan sê wie in daardie ketting dit hanteer het nie. Dit hoef nie eers 'n lid van BSB te gewees het nie.

Ja mnr. Verster!

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR ETE. DIE KOMMISSIE HERVAT NA ETE.

PIETER JOHAN VERSTER, nog steeds onder eed:

K58 VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Soos ek u getuienis verstaan trek u 'n verskil tussen die interne lêers en die eksterne lêers op die basis dat die eksterne projekte nie binne die raamwerk van die Kommissie val nie. Verstaan ek u korrek? -- Dit is korrek.

Volg dit dan dat indien die interne lêers ook nie binne die raamwerk van die Kommissie se opdrag geval het nie, dan sou u die interne lêers ook beskikbaar gestel het aan die ouditeur-generaal? -- As dit vir my moontlik was om die lêers in die hande te kry dan sou ek dit beskikbaar gestel het.

Maar sou dit moontlik geword het? -- Op hierdie stadium kan ek dit nie, ek weet nie. 'n Mens sal dit moet kyk.

Wat ek uit u getuienis wil probeer bepaal is, of u die interne projeklêers nie kan voorlê aan die Kommissaris nie of is dit die posisie dat u dit nie wil voorlê nie? -- Dit is verseker, ek is nie in die posisie om die lêers voor te lê soos wat ek in 'n situasie waar ek volle beheer daaroor gehad het sou gedoen het uit hoofde van die beheer wat ek dan daaroor het nie.

VOORSITTER:/...

VOORSITTER: U weet waar ek 'n groot probleem het met u nood-plan het is, of soos u dit verduidelik is dat 'n noodtoestand ontstaan, nou tree die noodplan in werking. Nou kry persone toegang tot die lêers wat andersins nie toegang daartoe sou hê nie, reg? -- Nee, ek kan nie dit vir u sê nie, want ek weet nie wat in die onderbou van elke lid, hoe dit ... (tussenbei)

Dit maak nie saak nie. Die sleutel is op 'n plek. -- Maar net die bestuurs, net die bestuurs, 'n middelvlak be-stuurselement weet dit.

Nou goed, maar kom ons aanvaar nou die bestuur van Streek 1 kry nou toegang tot die sleutel nie waar nie, nou gaan hy na die kluis toe en hy gaan lees wat in Streek 2 plaasgevind het en hy verwyder Streek 3 se stukke en nie net Streek 1 se stukke nie, dit is hoe u noodplan werk? -- Nee, dit is nie.

Maar dit skep die moontlikheid. -- Dit hang of die lêers in tasse is, dit hang of die tas se kombinasie ... (tussenbei)

Ag 'n mens kan tog seker 'n tas oopmaak? -- Of 'n tas 'n kombinasieslot ophet.

Wil u vir my sê dat 'n mens kan nie hierdie eenvoudige tas oopbreek nie? -- Ek, dan sou enige persoon wat daarna kom sal minstens weet dat daar gepeuter was met die lêer.

As die tas uitgedra word, dit is mos 'n noodplan, die goed moet mos nou wegraak, nou raak hulle weg. Met ander woorde Streek 1 dra Streek 3 se goed argumentsonthalwe weg. Dit is moontlik onder u noodplan? -- Ja, dit kan moontlik wees, as ... (tussenbei)

Nou dan glo ek nie dat u so 'n noodplan het nie, punt nommer een. Die tweede probleem wat ek met u noodplan het, as die noodtoestand ophou het u nie 'n beheer om die goed terug te kry nie, u het nie 'n manier om dit terug te kry nie. Is

dit/...

dit reg? -- Nee, as die noodtoestand sou ophou dan moet daar verseker, as mense na vore kom.

Maar as hulle nie na vore kom nie. Daar het nou 'n nood-toestand ingetree, die noodtoestand hou op, maar daardie mense besluit hulle kom nie na vore nie, dan is die goed vir ewig weg. Is dit hoe u noodplan werk? -- Nee dit is, ons het be-plan rondom volle beheer in terme van die noodplan, maar ek het nie en my onderbou het nie een voorsien dat ek moontlik in 'n posisie sou geplaas word, waar ek as die senior lid in 'n wantrouensposisie sou geplaas word nie. So in 'n ander situasie van die noodtoestand waar daar meer, kom ek sê same-horigheid was binne ons struktuur minstens en binne 'n groter bestelwerf sou daar baie beter beheer kon gewees het. Dit gaan nou grootliks oor wantroue wat begin heers het in 'n binnelandse situasie in 'n bo-normale omstandigheid.

Maar die mense wat die binnelandse situasie - mnr. Staal Burger, hy wantrou u nie? -- Nee, hy wantrou my nie, hy wan-trou die situasie dat moontlik kan daar, as ek in beheer was van die lêers dat daardie lêers dan, dat dit op 'n manier uit my gekry sou word.

Nee maar nou, my probleem is dat die mense, die Streek 6 mense was almal geopenbaar. Is dit reg? Hulle identiteit is bekend gemaak. Daardie sel is geblaas, om dit so uit te druk. Stem u saam? -- Dit is reg.

So die persone wat 'n belang het by die beskerming van Streek 6 aktiwiteite, hulle is nie die mense wat optree om die lêers weg te steek nie. -- Dit is as gevolg van die dinge wat gebeur het.

So daar is nog ander mense wat niks met Streek 6 te doen het wat Streek 6 wil beskerm. -- Dit kan so wees.

Wel/...

Wel dit moet so wees, stem u saam? -- Dit is reg.

Goed, nou is my probleem die volgende, weer eens wil u vir my sê die noodplan is so swak uitgewerk dat as 'n nood-toestand kan beëindig, dat dit onmoontlik kan wees om jou lêers terug te kry? -- Net in hierdie omstandighede. Net in hierdie omstandighede mag dit so wees.

Met ander woorde dit is 'n hopelose noodplan, want hy het nie die nood, die moontlikhede voorsien nie? -- Ek dink nie so nie.

MNR. McNALLY: Het u 'n begeerte soos wat u daar sit om ter samewerking met die Kommissie die interne lêers na vore te bring? -- Ek sou baie graag interne lêers wou beskikbaar stel om te bewys dat daar aantygings wat teen ons gemaak is, nie noodwendig die waarheid is nie.

VOORSITTER: Nou van wanneer af het u hierdie begeerte? -- Ek dink ek het dit sedert die begin van die verrigtinge van die Kommissie gehad. Ek het 'n mate van twyfel gehad en ek het seker was die hoofprobleem die tydperke wat ek gesien het dat daar 'n redelike groot poging is om teen BSB te diskrimineer.

Deur wie? -- Deur die media, deur wie ookal BSB en al sy aktiwiteite ontbloot het.

Nou wat daarvan? -- Nee, dit is 'n tydperk waaraan ek getwyfel het. Verder is daar geen probleem van my af om die lêers beskikbaar te stel nie.

So u sê hierdie lêers het weggeraak volgens die noodplan voor u inhegtenisname? -- Ek sou sê dit was 'n lang proses wat 'n aanloop gehad het oor 'n lang tyd.

Ek wil net weet wanneer hulle weggeraak het, dit is voor u inhegtenisname? -- Nee, ek weet nie. Ek kan nie nou vir u sê of die lêers presies weg is nie, want ek weet nie presies

waar/...

waar hulle is nie en of hulle net op plekke gehou word waarvan ek nie weet nie en ek het nie 'n direkte toegang daartoe nie.

MNR. McNALLY: Wat ek nie mooi kan verstaan nie is dat u vandag in 'n posisie is om te onderneem indien niks onvoorsiens gebeur om die buitelandse projeklêers Maandag be-skikbaar te stel. Nou gedagtig aan die feit dat daardie lêers uit dieselfde kluiskompleks gekom het as die interne lêers hoekom kan u nie dieselfde onderneming gee ten opsigte van die interne projeklêers? -- Ek sien nie die verband tussen die kluis en die lêers wat bymekaar gehou word nie, want in my persepsie is die lêers versprei êrens. Dit is nie in 'n kluis op die oomblik nie. Ek weet ... (tussenbei)

Maar iemand het in besit gekom van 'n sleutel wat toegang gegee het tot daardie kluiskompleks? -- Ja, wat daarna gebeur het, weet ek nie. Wie dit uitgehaal het, dit weet ek nie.

Meen u dat verskillende persone in daardie kluis in sou gegaan het en dat een persoon beslag sou gelê het op die in-terne lêers en 'n ander persoon op die buitelandse lêers? -- Dit kon gewees het.

Maar hoe sou dit gewees het volgens die noodplan? -- Volgens die noodplan sou mense wat die een nie noodwendig van die ander weet nie die lêers weggevat het. Hoeveel, of dit een persoon is of een groep is of 'n span wat saamgestel is op 'n ander vlak as op my vlak ter beskerming van die hele struktuur, dit kan ek nie vir u sê nie.

Nou u is blykbaar tevrede dat die buitelandse lêers aan die ouditeur-generaal voorgelê word aanstaande Maandag. Het u ook vrede daarmee indien ek as hoofondersoekbeampte van die Kommissie ook insae in daardie lêers kry tydens dieselfde geleentheid? -- Ek is tevrede.

Mnr./...

Mnr. die Voorsitter ek sou dan voorstel dat, indien dit u sou behaag, dat ons dan Maandag nie sit nie en dat ek die ge-leentheid gebruik om deur daardie lêers te gaan net om seker te maak dat dit werklik buitelandse lêers is.

VOORSITTER: Goed, dit pas so. Is u klaar?

MNR. McNALLY: Nee, ek gaan nou voort. Ek dink ons het dan gekom tot by die einde van paragraaf 11 en 12. Kan ons voortgaan met paragraaf 13 asseblief van BEWYSSTUK C33? --

"13.Na die beste van my herinnering tans, het die volgende projekte daarin vermeld betrekking op Streek 6: Choice, Goldie en Cleopatra.

14.Daar bestaan nie 'n projek bekend as Direksie 4 nie. Daar bestaan wel projekte bekend as Direksie, wat 'n buitelandse projek is en Direksie 2. Direksie 2 is 'n blote administratiewe projek. Tourist is ook 'n administratiewe projek wat betrekking het op reis-kostes van alle streke. Dryfuss is nie die naam van 'n projek nie, dog die skuilnaam van 'n lid. Sound-box is ook 'n administratiewe projek. Na die beste van my wete is die ander projekte vermeld in die lys wat aan my verskaf is buitelandse projekte.

15.BSB se optrede is nie binnelands gerig nie. Die projekte wat in die lys verskyn wat ek as Streek 6 projekte aangemeld het, het dus nie noodwendig betrekking op binnelandse bedrywighede nie. Streek 6 se taak was dieselfde as ander streke se take. Die enigste verskil is dat Streek 6 se terrein waarop hy inligting moes inwin binnelands gesen-treer was in teenstelling met die terrein van ander streke wat hoofsaaklik buitelands gesentreer was.

Streek 6/...

Streek 6 se optrede was dus ook primêr gerig op die inwin van inligting vir 'n optrede in die buite-land.

16.Sommige van die insidente vermeld in generaal Baden-horst se verklaring vorm deel van sommige van die projekte vermeld in die lys wat aan my verstrek is. Sonder insae tot die dokumentasie is dit egter nie vir my moontlik om daardie insidente te koppel aan die projekname wat in die lys verskyn nie. Indien ek daarin slaag om die nodige dokumentasie ter hand te kry sal ek in staat wees om meer volledige inlig-ting in hierdie verband te verstrek."

Ek dink die probleem is intussen ondervang deur die feit dat mnr. Christo Brits besonderhede gegee het van verskeie van hierdie projekte nie waar nie? -- Dit is korrek.

Gaan voort. --

"17.Ek verwys na paragrawe 12 tot en met 16 van generaal Webb se beëdigde verklaring, BEWYSSTUK C4. Ek bevestig die bewerings in daardie paragrawe vervat en beklemtoon weer eens dat dit nie vir my moontlik is om werklike name van lede te verstrek nie en dat ek ook nie openhartig inligting kan meedeel met betrekking tot die presiese aard en wyse waarop BSB sy taak verrig het nie. Ek wil egter beklemtoon dat BSB as 'n vertakking van Spesiale Magte se optrede altyd gerig was ter verwesenliking van sy doel-stellings en doelwitte soos neergelê deur die Suid-Afrikaanse Weermag."

Het u 'n dagboek aangehou? -- Nee, ek werk deur koördi-neerders.

So/...

So u het nie self 'n dagboek gehad nie? -- Nee, ek hou nie 'n dagboek aan nie.

Nou 'n brokkie inligting het na vore gekom sedert u u verklarings opgestel het en die bron van daardie inligting is Petrus Jakobus Botes, die man wat u as Marius ken en ek wil dit aan u stel, want ek dink dit is billik dat u die geleentheid kry om daarop te reageer. In sy verklaring sê hy die volgende:

"Operateurs in buitelandse streke is soms gevra om binne-landse take te doen."

Kan ons net daar stilstaan, stem u met hom saam? -- Nee, ek stem nie met hom saam nie.

Dan gee hy 'n voorbeeld en die aanhaling gaan dan voort:

"Ek is op 4 Maart 1989 genader deur ene Shane du Plooy"

En hy gee sy regte naam wat ek nou weglaat:

"Hy het 'n opdrag van Joe Verster ontvang om 'n eliminasie te doen in Durban. Die teiken was ene K.E. Mhlaba, 'n prokureur in Durban. Hy was na bewering 'n senior lid van die ANC en het glo wapens vir hierdie organisasie aangekoop. Die voorstudie was reeds gedoen, die verkenning was reeds gedoen en is daar 'n aanbieding aan my gedoen deur Shane vir die eliminasie van die be-trokke persoon. Hy sou vergiftig word. Ek het geweier om dit te doen."

U reaksie hierop? -- Ek beskou dit as totale snert wat hy praat.

Mnr. Botes het aan die beamptes van die Kommissie 'n dokument voorgelê gedateer 4 Maart 1989 wat blyk 'n beplan-ningsdokument te wees vir hierdie projek. Sal u net asseblief daarna kyk? Herken u die handskrif op die dokument? -- Nee,

ek/...



ek herken dit glad nie. Al wat ek kan sê is dat dit kon moontlik

'n vervalsing gewees het, want in die eerste plek, enige aanbiedings aan ons moet gegroepeer word onder hoofde van situasie, opdraguitvoering en daardie is, dit is nie so gedoen nie. So ek weet nie wie dit geskryf het nie en ek weet nie waar dit vandaan kom nie.

Watter tipe dokument sou u hierdie dokument sien? Is dit 'n beplanningsdokument of 'n dokument wat bedoel is vir 'n inhuis of hoe sou u hierdie tipe dokument beskryf? -- Nee, ek het nie 'n spesifieke opinie oor die dokument nie. Dit kan enigiets van informasie wees tot die res. Al wat ek sê volgens voorgeskrewe veristes in terme van die werking van die struktuur behoort 'n dokument 'n spesifieke uitleg te hê as dit 'n aanbiedingsdokument is.

VOORSITTER: Wat is die uitleg? -- Die uitleg is: Bo-aan staan daar "Situasie", daarna die "Situasie van die vyand."

Gee nou maar net 'n denkbeeldige voorbeeld. Ek begryp nie altyd wat sulke goed beteken nie. Wat is "situasie"? -- Die situasie is die toestand soos wat hy geheers het ten tye van die tydperk wat die uitvoering of die taak of wat ookal gedoen moet word, aangebied is. Dit is net die eerste hofie onder die dokument wat dan opgedeel word, dit is algemene weermag terme, onder die "vyand se situasie" en dan "eiemagte situasie." Daarna kry jy die opdrag wat spesifiek 'n los-staande in blokletters gedrukte opskrif is waarin jy sê wat die opdrag is wat die terme "wat jy moet doen" bevat. Daarna kry jy die "uitvoering" paragraaf en onder die "uitvoering" paragraaf moet daar dan staan dinge soos wat is die algemene skets van die taak wat moet uitgerig word, wat is die spesifieke take wat dan oorgaan in koördinerende instruksies.

Koördinerende/...

Koördinerende instruksies raak alle aksies rondom dinge van meer as twee persone wat betrokke is by so 'n taak. Daarna gaan dit dan oor in administrasie en logistiek wat behels die begroting wat daardie saak sou omsluit en wat ons dan laastens doen, bevel en sin, dit is suiwer die bevelsreëling en die kanaal wat bestaan tydens die taak. Die dokument wat so pas vir my gewys is lyk vir my na 'n geskrabbel op 'n papier wat geensins aan geen uitlegstandaarde voldoen nie.

Nou die dokument waarvan u nou praat is dit die uitvoer-baarheiddokument? -- Dit is die plan.

Dit is die plan, die goedgekeurde plan? -- Die finale be-nadering, dit is 'n staande werksprosedure vir die aanbieding.

Ja en dit is die dokument wat u vroeër gesê het word deur die voorsitter goedgekeur? -- As 'n reël, ja.

Maar daardie dokument voldoen dit nie aan, dit is nie 'n voorstudie nie? -- Dié spesifieke dokument?

Ja. -- Nee, die voorstudie moet minstens dieselfde be-nadering vervat dat dit minstens ook sê wie wil wat doen waar en wanneer en wat daarmee ... (tussenbei)

Maar nou net 'n bietjie oor die hantering van sulke stukke. Word voorstudies oorhandig aan ....? -- Nee.

Wat word, word daar afskrifte gemaak van voorstudies? -- Nooit. Dit is 'n dokument wat op die lêer moet geteken word. Die probleem met ons stelsel wat deur verskillende kanale gaan is dat dit vir die bestuur 'n belangrike punt is om nooit 'n dokument te teken wat los is vanaf die lêer nie, omdat dit jou enigste bewys is op lêer dat jy iets gemagtig het en daar mag ook, daar is 'n bestaande regulasie wat maar oorgeneem is uit die weermagstruktuur waarvolgens uiters geheime dokumentasie wat gedupliseer word gehanteer moet word, wat beteken dat

êrens/...

êrens moet 'n lêer wees en op dié lêer moet 'n handtekening wees wat dan sê van hierdie dokument is daar 'n afskrif gemaak. Mnr. Botes, die probleem wat ek daarmee het is dat hy in die buiteland gewerk het en u weet so goed soos ek wat is die omstandighede van mnr. Botes en ek heg baie min waarde aan sy hele benadering.

Ja wel, ek weet nie so goed soos u wat sy omstandighede is nie. -- Mnr. Botes het, nadat hy in die Vrye Weekblad, het hy dit goed gedink om teen die stelsel te draai. Daar was, dit het begin in die tydperk verlede jaar skat ek, in die om-gewing van Augustus, het hy 'n probleem opgetel met my persoonlik en dit het gegaan oor oudit en administratiewe stelsel. Ek het gister of wanneer het ek deur die dokumentasie gegaan en ek praat nou onder korreksie, maar die bedrag geld wat nie administratief deur mnr. Botes direk hanteer was nie, was in die omgewing van R199 000. Ek wil nie daardeur sê dat die geld verlore geraak het nie, maar dit het neergekom daarop dat hy nie volgens werksprosedure dokumentasie op lêers geplaas het soos wat hy dit moes gedoen het nie. Nadat ek mnr. Botes aangespreek het daaroor was daar 'n insident tussen ons twee en in hierdie insident het hy vir my op 'n stadium toe ek vir hom gesê het dit is nie goed genoeg hoe hy werk nie, het hy vir my gesê dat hy my sou aan-rand, hy het in meer krastaal dit gebruik, waarop ek gesê het as jy dit doen dan is jy dood.

Die benadering daar vir my was dat ek uit selfverdediging opgetree het. Van daardie oomblik af en wat vir my skokkend is tot op hierdie oomblik, het hy nooit weer teruggekeer na normaal toe nie. Hy was, ek dink 'n baie produktiewe lid van die struktuur, hy het sekere aanprysings binne die stelsel gekry, maar ek het na, ek kan

aan/...

aan die Kommissie kan ek 'n raad van ondersoek voorlê rondom verklarings wat geneem is deur brigadier Swart oor hoe hy ge-reageer het, wat hy gedoen het, wat ons probeer het om hom weer terug te kry na normaal toe. Ek het hom by minstens twee geleenthede geskakel en gesê ter wille van die interne struktuur dink ek dit is 'n baie goeie ding dat ons bymekaar kom en dan as hy begin te praat, dan raak hy onbeheersd. Ek het dit op daardie stadium vertolk as 'n verskoning wat hy gehad het omdat sy administrasie nie korrek is nie en ek het dit probeer normaliseer. 'n Beginsel wat net op my van toe-passing is dat ek nie in toeval glo nie en na hierdie insi-dent 'n paar dae later was daar 'n insident by Verwoerdburg-stad waar 'n bomontploffing plaasgevind het en het mnr. - het ek gevoel as dit uit my oogpunt gesien word dat - ek weet ek het dit nie gedoen nie - dan kan dit alleenlik hy wees omdat ek nie aan toeval glo nie, maar omdat ek onmiddellik wou weet wat sy standpunt is en ek het gehoor nadat ek mense, informante gekry het wat met hom te doen gehad het, het ek ook daarvan beëdigde verklarings geneem van mense wat verneem het dat hy gesê het ek het of die organisasie het teen hom opgetree. Die een belangrike ding is dat, ek dink mnr. Botes het heeltemal wraaksugtig en irrasioneel geraak en hy is dit tot op hierdie oomblik. Die ander deel van die probleem is dat ek voel dat in die daaropvolgende optrede waarin ek aangesê was om nie verder met mnr. Botes te skakel nie en hy oorhandig was aan die bevelvoerende generaal van Spesiale Magte en ek dink ook generaal Badenhorst van die weermag was op 'n stadium, was daarby betrokke, waar ek aangesê is dat ek nie weer met hom moet gesels nie, het ek verneem dat hy het iets soos 'n eis van R1,8 miljoen het hy ingestel teen die

staat/...

staat wat nie aan hom goedgekeur was nie en omdat hy weer eens nie met behoorlike feite vorendag gekom het om dan nou aan sy eis te kan voldoen nie en ons het toe as gevolg daarvan, het ek verder niks weer ooit met hom te doen gehad nie totdat ek nou verneem het van die berig. Ek het ook verneem, dit is hoorsê, dat hy skakeling gehad het met die koerante en dat 'n bedrag geld aan hom uitbetaal is. Ek aanvaar, ek het 'n vermoede dat hy in finansiële nood is en dat dit alles, sy wraaksugtigheid en sy geldelike posisie, dat dit daartoe gelei het dat hy dit gedoen het wat hy gedoen het.

MNR. McNALLY: In 'n verder passasie het hy iets te sê oor die boekstawing van projekte en ek lees die passasie aan u vir u kommentaar:

"As gevolg van die sogenaamde nuwe sisteem wat deur Joe Verster voorgestel is het dit dan gebeur dat projekte soos Mhlaba, nie noodwendig dokumentêr geboekstaaf is nie. Sekere operateurs, soos byvoorbeeld Du Plooy het 'n deurlopende maandelikse begroting vir sommige buite-landse projekte gehad waaruit hulle reis en verblyfs-kostes, asook ander uitgawes, gedek het. Terwyl hulle met projekte van hierdie aard besig was kon sodanige operateurs tussentydse korttermyn opdragte ontvang en uitvoer sonder dat daar 'n afsonderlike lêer vir so-danige korttermynprojek sou bestaan. Die uitgawes en onkostes wat vir die korttermynprojek aangegaan is, sou in die begroting van die langtermynprojek opgeneem word. 'n Mens kan dus nie eenvoudig aanvaar dat elke BSB projek 'n afsonderlike lêer gehad het nie."

U kommentaar hierop asseblief? -- Ek is van mening dat dit 'n bewys is van wat ek so pas vir u vertel het van hoekom mnr.

Botes/...

Botes by ons weg is, want as u kyk na 'n voorstudie, geen persoon kan enige begroting gebruik mits hy in terme van 'n voorstudie magtiging opgetree het al is dit 'n mondelingse magtiging wat hy moet voorlê en wat op die ou einde vir oudit beskikbaar is nie. Dit was in wese waarvoor ek aan u doku-mentêre bewys kan voorlê. Die hele probleem wat mnr. Botes gehad het dat hy nie volgens daardie prosedure gewerk het nie, en dus ook nie die prosedure verstaan het nie. So ek stem nie saam met wat hy daar skryf nie.

Is daar 'n projek met die naam Kinross? -- Ek weet nie van so 'n projek se naam nie. Ek kan dit nie nou uit die vuis uit onthou nie.

Want kolonel Wright het beslag gelê op 'n lêer met die naam Kinross daarop en binne-in daardie lêer het hy besonder-hede van hierdie prokureur Mhlaba gekry? -- Nee, ek kan nie uit die vuis uit sê, ek sal dit, as ek dit kon gesien het, kan 'n mens daarop miskien gereageer het.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: U het nou geleent-heid gehad om volledig kommentaar te lewer oor die projek, oor die bewerings wat mnr. Botha sou gemaak het, nie waar nie? -- Nee, ek het nie volledig kommentaar gelewer nie.

MR LUITINGH: I am sorry to interrupt, but I am taking notes for my learned leader and I cannot hear at all what Mr Verster says. I can hear when he reads, but not when he gives evidence. I am sorry could he please speak up.

MNR. BERTELSMANN: Wil u nie maar volledig kommentaar lewer nie? Wou u iets bygevoeg het?

VOORSITTER: Ek dink mnr. Bertelsmann, vra u vrae.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag.

VOORSITTER: Want u weet dit lei nooit na iets as 'n mens vra

wat/...

wat wou jy nog gesê het nie?

MNR. BERTELSMANN: Goed. Die een ding wat opvallend is in u kommentaar, wat u nie gesê het nie is, maar asseblief mnr. die Kommissaris, die BSB vermoor nie prokureurs met gif nie en hy maak ook nie planne dat prokureurs om die lewe gebring word nie. Korrek? -- Wat moet korrek wees mnr. Bertelsmann?

Dit is korrek dat u dit nie gesê het nie, nie waar nie? -- Dit is korrek.

U het dit gehad in lengte en in breedte oor die tegnikaliteite van die voorstelling wat deur mnr. Du Plooy kwansuis of na bewering aan mnr. Botes gemaak is nie waar nie? -- As u so dink, kan dit so wees.

En u het vir ons agbare Voorsitter gesê dit kan nie 'n korrekte voorstelling wees nie, want daar staan nie "situasie van die vyand" nie en daar staan nie "situasie van eie magte" nie en daar staan nie 'n "analise van ons magte" en van ons geveg wat gaan plaasvind nie?

MNR. McNALLY: In alle billikheid die getuie het gesê die aan-tyging is snert. Dit sou die kwessie gedek het wat my geleerde vriend nou opper.

MNR. BERTELSMANN: Met respek mnr. die Voorsitter, ek dink my vrae is heeltemal billik. Daar is 'n totale verskil gewees in die antwoord "snert" ten opsigte van die projek, as 'n projekvoorlegging as sodanig.

VOORSITTER: Dit hang af altyd van wat die vraag is mnr. Bertelsmann, maar gaan maar voort.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag mnr. die Voorsitter. Ek stel dit dan aan u dat u dit gehad het oor die vorm van die voorstel wat van mnr. Du Plooy gekom het en nie oor die inhoud daarvan nie. -- Ek het uitdruklik die rol en die take en die

doelwitte/...

doelwitte uitgespel voor die tyd. Ek het ook gesê dat mnr. Botes was self altyd betrokke by 'n ander streek in die buite-land en hy het niks te doen gehad met enige Streek 6 aktiwi-teite nie.

Mnr. Verster, noudat u selfs reggehelp is deur my of altans dat ek reggehelp is en u 'n verdere geleentheid gekry het om kommentaar te lewer sê u nog steeds nie die BSB vermoor nie prokureurs as 'n saak van beginsel nie, korrek? -- Nee, ek sê dit. Wat my betref het ek vir u duidelik op direkte en indirekte wyse gesê.

Ek sien. U het in antwoord op 'n vraag van my geleerde vriend gesê mnr. Staal Burger wantrou u nie en u het daaraan toegevoeg, maar mnr. Staal Burger wantrou die situasie, korrek? -- Dit kan so wees.

Nie kan so wees nie. Het u dit gesê of het u dit nie gesê nie? -- Ek dink dit kan so wees, maar nie noodwendig so nie.

Het u so gesê? -- As u so sê. Ek het al baie dinge vandag gesê.

U kan nie onthou dat u dit gesê het nie?

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann vra asseblief die vrae.

MNR. BERTELSMANN: Goed. Nou dan ons het ons die situasie dat u sê, soos u die huidige posisie van mnr. Staal Burger sien, wantrou hy watter situasie, ten opsigte van die beskikbaarheid van binnelandse projekte se lêers?-- Die hele BSB waarvan mnr. Burger ook 'n element is het die hele situasie waarin BSB, naamlik die ontbloting van die struktuur tot nou toe, redelik wantrou. Ek meen dit sou duidelik wees uit die media dat ons daardie standpunt het.

Wat moet ons daaronder verstaan? U is uitgevra oor die

feit/...

feit dat die binnelandse projekte se lêers steeds nie beskikbaar is nie. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

En dit is in hierdie verband wat u die opmerking gemaak het mnr. Staal Burger wantrou die situasie, korrek? -- Goed.

Met ander woorde daaruit lei ek af dat solank as wat mnr. Staal Burger die situasie wantrou is dit begryplik dat binne-landse projeklêers nie beskikbaar is nie? -- Nee, dit sou in-sinueer dat hy enigiets weet van die lêers en ek het uitdruk-lik gesê dit is nie so nie.

Goed, maar u het nou vir ons ook gesê dit is nie net mnr. Staal Burger wat die situasie wantrou nie, dit is die hele BSB wat die situasie wantrou. Is dit reg? -- Dit is korrek.

En u het daardie selfde antwoord gegee weer eens met ver-wysing na die feit dat die binnelandse projekte se lêers nie beskikbaar is nie, korrek? -- Goed.

En u motiveer derhalwe die feit dat die binnelandse projeklêers nie te voorskyn kom nie, met die wantroue wat die BSB teen die situasie het. Is dit korrek? -- Goed.

Met ander worde wat u vir ons agbare Kommissaris inderdaad sê is, dat solank as wat daar deur hierdie Kommissie 'n belangstelling in die binnelandse projekte is, sal die binnelandse projekte se lêers nie beskikbaar wees nie? -- Ek het geen standpunt op wat u nou sê in terme van met ander woorde nie. Ek het vir u uitdruklik gesê dat die mense is bekommerd oor hulle posisie en die dokumentasie is op 'n plek wat ek nie weet waar dit is nie en hoe lank en waaroor en of dit ooit na voorskyn sal kom is ek nie by magte om te sê nie.

Met ander woorde die stelling wat ek aan u gemaak het is heeltemal korrek? So lank as wat hierdie Kommissie van ondersoek die lêers van die binnelandse projekte ter insae wil

neem/...

neem gaan daardie projeklêers nie te voorskyn kom nie. Is dit korrek? -- Die kwessie van die lêers se wegraak het, wat ons betref, niks te doen met die Kommissie op die oomblik nie. Dit het vir ons te doen met die politieke situasie in die land en as 'n persoon soos mnr. Joe Slovo nader getrek word om sy getuienis te lewer en dat hy sy kant van die saak stel, dan sal dit vir u duideliker wees as ek op sy getuienis dit vir u antwoord.

Ek verstaan u antwoord glad nie. Suggereer u dat ons, benewens - in hierdie Kommissie van ondersoek benewens die BSB ook mnr. Joe Slovo behoort te ondersoek? -- Ek sou sê dat die Kommissie behoort enigiemand te ondersoek rondom die probleem wat die Kommissie aanspreek.

Rondom die probleem van binnelandse geweldpleging, korrek? -- Dit is tog omskryf.

Goed, ja. So wat u vir ons sê mnr. Verster is dat soos wat u die opdrag van die Kommissie op die huidige oomblik verstaan sien u dit as 'n verlengstuk van die huidige politiek. Is dit reg? -- Nee, dit is verkeerd.

Nou help my reg asseblief? Blameer u die Kommissie daarvoor dat mnr. Joe Slovo nie nader getrek is nie. Is dit wat u sê? -- Ek sê dit nie. Ek weet nie of hy vorentoe nader getrek gaan word nie. Ek het gesê dat u sal die situasie beter verstaan wat u nie verstaan nie indien hy sou kom getuig en ons kan daarop reageer.

Maar die vraag op hierdie stadium gaan daaroor of die binnelandse projeklêers beskikbaar gestel gaan word aldan nie? -- Dit is vir u gesê.

En u sê vir my solank as wat die posisie bly bestaan dat die BSB ondersoek word, maar dat u geen aanduiding het, soos

om/...

om u woorde weer eens te gebruik, mnr. Joe Slovo nie nader getrek word nie, word die binnelandse projeklêers nie beskikbaar gestel nie. -- Ek het dit nie so gestel nie. Ek dink dit is u vertolking.

Nee, asseblief dan sê vir ons wat u bedoel het? -- Ek het vir u gesê of kom ons begin voor. Ek het vroeër in my getuienis gesê dat ek nie in 'n posisie is om die lêers beskikbaar te stel nie. U het vir my laat verstaan dit is my persepsie dat dit nie vir u duidelik is hoekom en waar en of die Kommissie daarby betrokke is rondom die lêers nie. Ek het vir u toe daarop geantwoord dat mnr. Joe Slovo sal die saak dalk duideliker maak indien hy sou kom getuig en ons kan daarop reageer om die situasie, die politieke situasie en dit wat gebeur tot ons bekommernis en wat miskien gelei het tot die feit dat ek nie oor die lêers kan getuig nie om dit dan moontlik te maak.

U gee nou 'n lang antwoord. Ek gaan probeer om dit in kompartemente op te breek om die begrip vir ons almal 'n bietjie makliker te maak. Verstaan ek u reg, die BSB het 'n bekommernis oor die huidige politiek. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Een van die grootste bekommernisse in die huidige politiek is klaarblyklik die persoon van mnr. Joe Slovo? -- Hy was 'n voorbeeld.

Hy is 'n voorbeeld. -- Daar was baie.

Joe Slovo cum soiets? Met ander woorde Joe Slovo en mense in sy dampkring. Is dit wat u probleem is? -- Nee, dit is nie my probleem nie. Ek stel dit net aan u dat dit is waarvan ons praat.

Goed, dit is waarvan die BSB praat, reg?-- Dit is korrek.

Want/...



Want u vertolk nou vir ons die houding van die BSB as senior

bestuurspersoon van die BSB, korrek? -- Dit kan so wees, ja.

Nee, u sit daar in u hoedanigheid as besturende direkteur en ek aanvaar dat wat u sê vertolk die houding van die BSB? -- Goed, u kan so dink.

En u sê as gevolg van die feit dat die BSB 'n probleem het met persone soos Joe Slovo en die mense wat rondom Joe Slovo staan is die BSB wantrouig teenoor die huidige politieke situasie as sodanig. Is dit korrek? -- Dit is nie korrek nie.

Teenoor wie is die BSB dan wantrouig? -- Ek het vir u gesê dat ons situasie waarin ons sit het te doen met mense wat bekommerd is en daardeur kan ek nie volle beheer hê oor die lêers nie omdat 'n plan in werking gestel is. Die situasie soos u dit nou verduidelik is iets waarin u my probeer lei het om te sê en dit is nie die geval nie.

U verander nou weer wat u gesê het. Ek probeer net agterkom presies wat u bedoel het. U sê daar bestaan 'n be-paalde rede waarom die lede van die BSB nie met die binnelandse projeklêers vorendag gaan kom nie. Verstaan ek u reg? -- Ek het gesê dat daar was opgetree teen my en ek is beskou as 'n persoon wat gekontamineer is deur lede van die bestuur en dit het veroorsaak dat mense opgetree het volgens
'n lank voorafbeplande prosedure om daardeur nie dokumentasie dan beskikbaar te maak nie ter selfbeskerming teen hulle families, teen al die dinge wat hier bespreek is. Dit is my stelling.

VOORSITTER: Ek dink wat mnr. Bertelsmann wil weet is wat was die oorsaak van die inwerkingstelling van die noodplan? Was die/...



die oorsaak die huidige politiek en daarmee bedoel ek die huidige standpunt van die regering of was die oorsaak die aan-stelling van die Kommissie of wat ek afgelei het u sê is is die oorsaak

dat u 'n moontlike regeringsoorname voorsien of is die oorsaak 'n kombinasie daarvan of is die oorsaak iets anders? -- Ek wil dit miskien saamvat deur te sê dit gaan suiwer oor die onstabiele klimaat wat oor 'n lang tydperk opgebou het wat gelei het tot die ontbanning van die ANC en wat gelei het tot, aan die anderkant optrede van lede van BSB, mense in aanhouding en daardie hele situasie het gelei tot hierdie bekommernis en optrede wat onder omstandighede nie sou gedoen het nie. So dit het niks .... (tussenbei)

Daar is net 'n probleem wat ek het. Die noodplan het in werking getree voordat die ANC ontban is. -- Dit is reg, maar dit was in 'n klimaat wat 'n aanloop gehad het oor 'n lang tydperk.

So verstaan - so u sê die oorsaak van die verdwyning as ek u reg verstaan is dat die politieke klimaat onstabiel is, onstabiel was. Ons praat nou van middel Januarie vanjaar...? -- Ja en ons ... (tussenbei)

Laat ons dit net klaarkry - as onstabiele politieke klimaat en ten tweede is daar na u oordeel verkeerdelik opgetree teenoor lede van die BSB deurdat hulle aangehou is onder artikel 29? -- Dit is reg.

Dit is die twee faktore? -- Dit is hoe ons gevoel het. Dit het gelei tot onveiligheid wat ek miskien kan sê is die hoofrede vir die latere probleem.

So met ander woorde die dokumente het weggeraak in 'n poging om julle te beskerm, direk of indirek? -- Dit kan so wees.

Reg/...



Reg of verkeerd? -- Dit is korrek.

Maar dit sien u as die oorsaak hoekom die dokumente nie daar is nie? -- Dit is korrek.

So die persone wat u het wil u beskerm? -- Dit is korrek.

En nou het ek probleme en ek kom weer terug na wat ek vroeër gesê het en dit is dat u ontkennings so is van die goed wat u ten laste gelê is, korrek is, dan lyk dit nie vir my asof hierdie mense en die lede van Streek 6 bekend is nie, lyk dit nie vir my asof hulle u beskerm nie dan lyk dit vir my of hulle u eerder 'n onguns aandoen. -- Dit mag so wees.

Stem u nie saam nie? -- Nee, dit mag u opinie wees.

Maar stem u saam of stem u nie saam nie? -- Nee, ek het 'n siening soos ek alreeds aan u verduidelik het.

Nee, maar u het iemand anders se siening vir my weergegee. Nou wil ek, of het die dokumente weggeraak vanweë u siening? -- Nee, dit is nie vanweë my siening nie.

Nou goed, kom ons praat dan oor die ander mense se siening. Die dokumente moet die onskuld van die BSB of binnelandse projekte bewys nie waar nie? -- Dit kan so wees.

Dit moet so wees. Is dit reg? -- Goed.

Dan kom ek terug na die punt, dan is die persone wat nou dink dat hulle u 'n guns doen is besig om u 'n onguns aan te doen? -- Dit mag so wees in hulle persepsie kan dit wees dat hulle ons 'n guns doen, maar ek verstaan wat u vir my sê.

Maar u glo nie wat ek vir u sê nie, u stem nie saam wat ek sê nie? -- Nee, ek kan sien as ons die lêers kon voorlê sou dit baie gehelp het om die situasie te normaliseer. Ek kan dit duidelik sien.

En ek bedoel daardie boodskap het u van my gekry, indirek, al 'n paar maande gelede, dink ek? -- Dit is korrek.

<u>MNR. BERTELSMANN</u>:/...



<u>MNR. BERTELSMANN</u>: Mag dit u behaag mnr. die Voorsitter. Goed, nou het ons dit - die feit dat die lêers vir binnelandse projekte nie verkry kan word nie, is nou toe te skryf aan 'n goedbedoelende,

maar misplaaste poging aan die kant van lede van die BSB wat bekommerd is daaroor dat mnr. Verster benadeel kan word. Is dit wat u sê? -- Ek sou sê dit gaan oor die hele BSB, nie noodwendig net oor my nie.

O so, dit is nie as ons agbare Voorsitter nou u gebruik het, het u dit in die meervoud en nie in die enkelvoud gesien nie, verstaan ek u? -- Ja.

Met ander woorde u sê die feit dat ons die binnelandse projeklêers nie kan kry nie is toe te skryf daaraan dat die lede van die BSB die huidige situasie sodanig vertolk dat hulle sê dat die politieke omstandighede in die land, die huidige regeringsbeleid, kom ons noem dit maar so, vir hulle onaanvaarbaar is? -- Die BSB dink nie in politieke terme nie. Ons dink in terme van veiligheid en in terme van sekuriteit en dit is die basis .... (tussenbei)

Wel u het die woorde politiek die eerste keer gebruik? -- Dit gaan oor die politieke situasie, maar die gevolgtrekking daarvan is dat dit veiligheid en sekuriteit is, en dit is ons term.

Nee, u het met politieke situasie begin en ek wil net gou daarby bly voorlopig. Laat ek net my vraag herhaal. Die ge-tuienis word dus nou so aangepas dat u sê die BSB se lede is nie bereid om die binnelandse projekte aan hierdie Kommissie bloot te lê nie omdat hulle bekommerd is oor die huidige rigting wat die regering se beleid ingeslaan het. Is dit reg?

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, dit is nie wat die getuie gesê het nie.

VOORSITTER: /...



VOORSITTER: Ja, ek dink ook nie is heeltemal wat hy gesê het nie, maar u kan antwoord. Antwoord daarop. -- Ek het vir u uitdruklik gesê dat ons dink in terme van veiligheid en sekuriteit.

MNR. BERTELSMANN: Goed, nou kom ons vat dit stap-vir-stap. Verstaan ek u reg dat u sê die ontbanning van die ANC het die veiligheidsposisie beïnvloed. Is dit wat u sê? -- Ek sou sê daar is baie bydraende faktore.

Is dit 'n bydraende faktor? -- Dit kan 'n bydraende faktor wees.

Is dit 'n bydraende faktor? -- Dit is 'n bydraende faktor.

Goed, is die feit dat die PAC ontban is 'n bydraende faktor? -- Dit kan 'n bydraende faktor wees.

Nie kan nie, is dit 'n bydraende faktor? -- Goed, u kan sê dit is 'n bydraende faktor.

Is die feit dat mnr. Joe Slovo ontban is, dat die Kommu-niste Party ontban is, is dit 'n bydraende faktor? -- Ek dink so, ja.

Met ander woorde is die feit dat hierdie ontbande organi-sasies deelneem aan die politieke gesprek in Suid-Afrika, 'n faktor wat in die oë van die BSB bydra daartoe dat veiligheid in gevaar gestel word? -- Nee, ek dink dit kan dalk die situasie verbeter. Dit kan dit normaliseer.

Goed, nou sê vir my as gevolg van die feit dat u die ont-banning van hierdie organisasies of dat die BSB die ontban-ning van hierdie organisasies as 'n veiligheidsrisiko beskou om daardie rede is die BSB nie bereid om die projeklêers aan hierdie Kommissie beskikbaar te stel nie? -- Ek dink nie dit is nodig dat ek daardie vraag antwoord nie. Ek het u by

herhaling/...



herhaling gesê wat is die situasie.

Dit is die oorsaak van die wantroue? -- Dit is bydraend miskien, maar ek het dit vir u verduidelik.

Ons het nog 'n paar ander verduidelikings gegee.

VOORSITTER: Daar is natuurlik 'n ander logiese probleem wat ek

het met wat u sê. Ons weet nou almal dat die buitelandse projeklêers het betrekking op die maksimale ontwrigting van die vyand in die buiteland. -- Dit is korrek.

Dit sluit die ANC in? -- Dit is korrek.

Beteken dit nie dat daar des te meer rede is om die buitelandse projeklêers weg te steek as die binneland s'n nie? -- Nee, ek dink ons het aanvaar dat daar 'n veranderde poli-tieke stelsel in die land is en as die ANC nie meer die vyand is in die buiteland is nie en hy is ontban en ons het 'n opdrag gekry dat ons moet rasionaliseer, dan is dit deel van die rasionalisasieproses. So die vyand wat in die buiteland sit het net een oogmerk en dit is om in die binneland uit te kom om tussen die plaaslike bevolking te kom en my verwysing na mnr. Joe Slovo, het daaroor gegaan dat dit beter begryp sal word as ons weet wat mnr. Slovo alles gedoen het of waar sy oorhoofse struktuur by betrokke was. Om uit te kom by wat het die vyande op daardie stadium voor die ontbanning van Suid-Afrika kom soek tussen sagte teikens, kom soek in die binne-land en uit daardie standpunt sou dit dan vir die BSB baie makliker gewees het om te verduidelik ten opsigte van die probleem wat ... (tussenbei)

Met ander woorde, verstaan ek u reg, wat u eintlik sê is, dat die BSB het reaktief opgetree, reaksionêr, teen iets wat die ANC of die SAKP verrig het, het hulle - omdat mnr. Joe Slovo argumentsonthalwe X gedoen het daarom het die BSB gedoen

wat/...



wat, of sy projekte gehad. Is dit wat u te kenne gee? -- Dit is korrek. Die hele struktuur was daarop baseer op dit wat die vyand gedoen het.

As 'n teenoffensief? -- As 'n teenoffensief, as 'n buffer teen optrede van buite na die binnekant van Suid-Afrika.

MNR. BERTELSMANN: Maar nou verstaan ek die posisie nog minder mnr. Verster. U stem saam met wat ons agbare Voorsitter aan u gestel het dat onder dié omstandighede die binnelandse projeklêers die BSB moet verontskuldig, nie waar nie?-- Ek sien dit nie so nie.

Wel u het uitdruklik met hom saamgestem? -- Ek het dit nie ... (tussenbei)

En as die projeklêers die onskuld van die BSB ten opsigte van die aantygings wat teen hom gemaak word bewys, dan is dit dié middel om die onskuld van die BSB bo alle twyfel daar te stel, nie waar nie?

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter net voor die getuie hierdie vraag antwoord. Ek wou al vantevore hierdie opmerking gemaak het. Dit moet darem in gedagte gehou word dat beide hierdie getuie sowel as verskeie ander lede van die BSB en meer besonderlik Streek 6 daarvan het ook privilegie teen inkriminasie geopper ten opsigte van sekere projekte. Dit kan dus nie sonder meer aanvaar word dat lêers net on-skuld sal bewys nie.

VOORSITTER: Maar goed, laat ons dit so stel om aan te pas, mnr. Bertelsmann se vraag aan te pas, ten minste dié te voor-skyn bring van party lêers kan die BSB verontskuldig? -- Dit is korrek.

Nou kom ons vra so hoekom kan daardie "party" lêers nie te voorskyn kom nie? -- Dit is ...(tussenbei)

Dan/...



Dan sal u sê dit is weer iemand anders wat dit doen? -- Ek het nou gedink in terme van die buitelandse lêers waarin ek die situasie vir u verduidelik het en dit is op die oomblik - die probleem is dat ek nie dieselfde mate van beheer het oor die lêers soos wat ek graag sou wou gehad het in normale om-standighede nie wat gelei het tot die probleem.

MNR. BERTELSMANN: Dit is juis die beswaar wat nou gekom het, is nou juis die logiese probleem, nie waar nie? Net soos wat u nou wil hê, of soos wat u saamstem dat sommige van die lêers van die binnelandse projeklêer die onskuld van die BSB kan bewys net so wil dit voorkom asof daar dalk probleme ten opsigte van ander lêers bestaan. -- As u so dink.

U sê daar het 'n noodplan bestaan in ooreenstemming met normale weermagprosedure. Is dit reg? Het ek u getuienis in daardie verband reg verstaan? -- Dit is korrek.

Nou dié noodplan presies wat het daardie noodplan behels, gee vir ons so 'n bietjie die besonderhede daarvan asseblief? -- Ek sou sê om dit saam te vat, dat dit kom neer op 'n manier waarvolgens die lêers weggevat word sodat een personeel nie 'n ander kan inkrimineer nie. Dit is die ...

(tussenbei)

Nee, ons wil 'n bietjie besonderhede hê asseblief. Kom ons begin by die begin. Wie onder die bewustelike lede van die BSB ken die noodplan? -- Baie van die bestuurslede.

So met ander woorde kan ons aanvaar al die koördineerders ken die noodplan?-- Nee, dit hang af van omstandighede. Nie noodwendig nie, maar van hulle kan daarvan weet.

Nou u is die besturende direkteur van die BSB, weet u wie in die BSB die noodplan ken? -- Dit is 'n proses waardeur ek oordra en ek kan nie instaan vir presies elke lid wat dit ken

nie/...



nie, ek kan dit nie gee nie.

Kom ons vat dit stap-vir-stap. Wie is die persone aan wie u die noodplan oordra? -- Dit is 'n algemene benadering waarvan ek bewus is wat dit beplan het en soos wat ek vir u gesê het, het ek dit oorgedra per telefoon waarna dit dan oorvertel het op 'n

selstruktuur basis van een persoon na 'n ander.

Antwoord asseblief my vraag. Wie is die persone aan wie u die noodplan oorgedra het? -- Ek het vir u gesê dit was oor die telefoon aan 'n persoon wie se naam ek nie kan onthou nie.

Nee, dit is nie die vraag nie. Die noodplan as sodanig, met wie in die BSB het u die noodplan bespreek? -- Sedert ek betrokke was by die stigting van BSB het ek in die begin-stadium het ek daardie noodplan self gemaak en daarna is dit 'n benadering wat bestaan het en al wat gebeur het is dat die benadering het ek dan bekend gemaak op 'n stadium teenoor 'n persoon oor 'n telefoon en gesê dit is hoe julle moet optree.

So met ander woorde verander u nou u getuienis in hoof sodanig dat u sê die noodplan was nie 'n plan waartoe ander lede van die BSB party was nie. Met ander woorde wat u saam met hulle beplan het nie, maar 'n plan wat u in u eie kop gehad het totdat u besluit het om dit in werking te stel? -- Nee, dit was 'n benadering. Die benadering was met almal bespreek.

Nou maar goed kom gee vir ons die besonderhede van hierdie benadering in aanhalingstekens? -- Nee, die benadering is dat die sleutel gelaat word op 'n punt waarvandaan mense die sleutel kom haal op tye wat hulle pas sodat die een die ander een nie benadeel nie.

Nee, wie is die mense wat die sleutel kom haal? -- Dit

weet/...



weet ek nie. Dit is deel van die benadering.

Nou hoe weet iedere en elke persoon wat nou die sleutel kom haal dat hulle die sleutel moet kom haal? -- Dit is oorge-dra aan 'n persoon wat die benadering oorgedra het. Ek ver-staan dit baie duidelik.

En hoe is di dan nou dat hierdie mense toegang tot die kluis

het? -- Ek het dit verduidelik.

U het dit nie verduidelik nie. -- Die sleutel word vanaf daardie punt geneem en dan òf die een persoon met die ander een praat òf hulle een voertuig vat en òf een persoon alleen gaan en almal vat, dit weet ek nie en die benadering is dan daarvandaan toegepas en gegaan na die kluis toe en haal dit uit. Daar is geen beheer daaroor in terme van die toegang tot die kluis, behalwe deur middel van die sleutels.

Het die kluis 'n kombinasieslot ja of nee? -- Die kom-binasies, ek was jare laas daar, ek weet nie. Ek weet nie of daar 'n kombinasie op is nie, maar ek aanvaar binne die kom-binasie sou dit dan ook beskikbaar gestel word op dieselfde wyse, binne dieselfde benadering.

Die getuienis voor hierdie Kommissie is dat daardie kluise inderdaad 'n kombinasie het? -- Ja, dit is waar.

Is dit so? -- Ja, dit is so. Al wat ek vir u probeer sê is ek kom nie by die punte waarvan u praat nie.

Wie ken die kombinasie van daardie - die kombinasie-nommers van daardie kluis? -- Die kombinasies is as deel van die noodplan beskikbaar gestel.

Deur wie? -- Deur, die kombinasies is beskikbaar gestel deur die persoon wat dit dan nou oorgedra het en miskien ge-praat het deur die proses.

Wie was die persoon wat die kombinasies beskikbaar gestel

het/...



het? -- Ek was nie daar gewees nie. Ek sal nie dit vir u kan sê nie.

Die getuienis voor hierdie Kommissie is dat daar een of twee persone is wat daardie kombinasie ken. -- Soos ek vir u sê ek werk van verskillende kantore af. Ek kan dit nie vir u sê nie.

As die getuienis voor die Kommissie is, dit is u of Braam Cilliers wat die kombinasie geken het? -- Dit is die werk van 'n ondergeskikte van my. Ek ken nie een kombinasie binne die stelsel nie. Ek werk nie met kluise nie.

So met ander woorde wat ons nou van u moet verstaan is dat die noodplan daaruit bestaan het dat die bestuurslede van die BSB van die algemene benadering soos u dit nou omskryf sou kennis gedra het. Is dit reg? -- Hulle kon, hulle kon kennis gedra het. Ek kan nie vir elkeen instaan of hy kennis gedra het nie.

En u verhaal gaan dan aan dat u sê u het 'n onbepaalde bestuurslid geskakel van wie se identiteit u heel gerieflik nie bewus is nie en dat daardie onbepaalde en onbepaalbare bestuurslid van die BSB toegang tot die kombinasie verkry het van die kluis op 'n wyse waarvan u nie rekenskap kan gee nie. Is dit reg? -- Nee, nie die bestuurslid nie. Hy het die be-nadering oorgedra en vandaar het verskillende bestuurslede of betrokkenes het volgens sy eie plan dit dan gehanteer.

Hoe weet u dat daar verskillende persone by die ont-ruiming van die kluis betrokke was? -- Omdat dit 'n struktuur is wat uiteenlopend is wat baie fassette, middelvlak, binne-kring bestuur, so dit is by my 'n aanname.

Dit is 'n aanname en as daardie aanname korrek is beteken dit dat die persoon wat die kombinasie tot hierdie kluis gehad

het/...



het, deel van daardie projek moes gewees het, nie waar nie? -- Nee, dit is glad nie noodwendig nie.

Of hy moes die kombinasie vir die derde party gegee het? -- Of die derde party kon dit self gaan haal het.

By hom? -- Nie by hom nie, by die punt.

<u>VOORSITTER</u>: Ek moet darem sê mnr. Cilliers of Braam of wie hy

ookal is het darem gesê dat die kombinasie was op 'n stuk papier geskryf by die sleutel? -- By die punt.

By die punt.

MNR. BERTELSMANN: Verskoning, dit was toe hy dit teruggekry het.

VOORSITTER: Maar ek bedoel, so iemand het die kombinasie daar neergesit.

MNR. BERTELSMANN: Maar dit kon net een van twee persone gewees het volgens sy getuienis.

VOORSITTER: Wel ek weet nie.

MNR. BERTELSMANN: En daardie getuienis is nie aangeval nie, met respek.

VOORSITTER: Wel ek weet nie of dit net een van twee kon wees nie, maar in alle geval, wat ons weet is dat die kombinasie was daar gewees.

MNR. BERTELSMANN: En u sê as ek dit nou reg verstaan dat nou as - die volgende stadium van die noodplan is dat lêers tussen een of meer of deur een of meerdere lede van die BSB weggesteek word? -- Ja, dit kan so gesien word.

Nou vermoed ek dat die noodplan daarvoor voorsiening maak dat die lêers veilig gaan bly tot tyd en wyl hulle weer benodig word. Is dit reg? -- Nee, dit is nie noodwendig so nie. My taak sal wees om te kyk of ek die lêers in die hande kan kry en ek weet nie of u vermoede reg is of nie reg is nie.

Ek/...



Ek sien dit nie so nie.

Nee, maar kyk wat is die rede, wat is die doel van die noodplan anders as om die lêers te bewaar. Is dit nie so nie? -- Dit is so.

Want as die gedagte was dat die BSB se projekte geabando-neer moet word as gevolg van die noodtoestand wat ontstaan het, dan

is dit die maklikste ding onder die son om die lêers te vernietig, nie waar nie? -- As iemand so ver sou wou gaan, maar daar is geen opdrag dat soiets mag gebeur nie.

Nee presies. So met ander woorde soos wat u die noodplan aan ons agbare Kommissaris verduidelik het, behels dit dat die lêers bewaar word, korrek? -- Ek hoop dit is so.

VOORSITTER: Nee, maar die vraag is of dit die plan is? -- Die plan was so, ja.

MNR. BERTELSMANN: Nou kom ons aanvaar dan vir die huidige dat die lede van die BSB hulle by die plan hou. As ons dan weet dat die lêers nog êrens bestaan, dan weet ons ook dat daar een of meer lede van die BSB is wat weet waar daardie lêers op die oomblik is. Dit is duidelik, korrek? -- Dit kan so wees.

MNR. BERTELSMANN: Dit moet so wees.

VOORSITTER: Dit kan net 'n lid van die BSB wees wat die goed...? -- Dit kan so wees.

Nie kan so nie, dit moet so wees. Is dit nie so nie, net 'n lid van die BSB kon sy hande daarop gekry het? -- Nee, ek is bang dat die lêers kon oorgedra gewees het aan 'n ander party en daarna kon die persoon wat dit oorhandig word, ook uitgesluit wees. So iemand kon dit oorhandig het aan 'n persoon en hy kan dit dan gaan plaas waar niemand dit weet nie. Dit is moontlik.

MNR. BERTELSMANN: Sê u die noodplan behels dat die lêers in

die/...



die hande van mense wat geen verbintenisse met die BSB het, geplaas kan word en dan daardeur vir altyd uit die beheer van die BSB kan verdwyn? -- Nee, kom ons sê aan 'n betroubare persoon. Dit kon oorhandig gewees het. Al wat ek sê is dit is nie noodwendig dat dit in die besit van 'n BSB-lid, 'n direkte lid of 'n ingeskrewe lid of 'n kontraktuele lid is nie.

VOORSITTER: Miskien het Martino die goed.

MNR. BERTELSMANN: Nou die eenvoudige antwoord om die lêers weer uit die sakkie waarin hulle verdwyn het te laat te voorskyn kom, is dat u met die lede van die BSB in aanraking kom en sê ons het die lêers nodig, bring dit asseblief terug, nie waar nie? -- Nee, dit is nie waar nie.

Waarom kan dit nie gedoen word nie? -- Vir die rede wat ek reeds vir u genoem het.

Met ander woorde wat u nou vir my sê is die BSB is 'n militêre organisasie, korrek? -- Hy het militêre verbintenis, ja.

En u het skerp klem daarop gelê dat u 'n lojale soldaat vir 27 jaar was, korrek? -- Dit is korrek.

En nie die BSB wat 'n militêre organisasie is of militêre lyne op 'n militere lees geskoei is waarvan 'n lojale offisier van 27 jaar ondervinding, in beheer is, kan nie sy lede aansê om lêers ten opsigte van sy eie projekte, aan 'n deur die Staatspresident aangestelde Komissie van ondersoek beskikbaar te stel nie. Is dit wat u sê?-- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Dit is ... (tussenbei)

Moet ons dan die afleiding maak dat die BSB dit nie wil doen nie? -- Nee, dit is, ek het dit gesê dat ek dit sal doen, dat ek dit probeer doen het, dat ek nie by die lêers uitgekom

het/...



het nie.

O, u het probeer? -- Ek het verseker, het ek probeer en ek het dit reeds vandag hier gesê dat daar is teenoor my gesê dat omdat jy gekontamineer is, is daar 'n probleem. Dit is die boodskap.

U sê dus daar was 'n BSB lid wat vir u gesê het ek weet waar die lêers is, ek kan vir jou lêers beskikbaar stel, maar omdat

jy nou 'n persoon is wat onder verdenking staan of soos u sê gekontamineer is, daarom is ek nie bereid om die lêers beskikbaar te stel nie? -- Weer eens is die benadering, was in 'n telefoonoproep aan my gesê. Ek dink ek het dit ook vroeër gesê.

Maar die benadering of dan verskoning of verduideliking, kon net bestaan het en kon net gegee gewees het indien die persoon inderdaad in besit van daardie lêers was? -- Dit is ook nie waar nie. Hy kon geskakel het, die lêers kan op 'n punt wees wat hy nie van weet nie.

Nou het u vir hom gesê hy moet die lêers vir u gee? -- Nee, ek het dit by herhaling gesê, ek het vir u die probleem verduidelik.

En u sê ... (tussenbei)

MNR. HATTINGH: Met alle respek. My geleerde vriend het nou werklik waar nog nie 'n enkele vraag gevra wat nie deur u of mnr. McNally reeds gevra was nie en reeds beantwoord is nie.

VOORSITTER: Ja, miskien dink ek hy vra dit beter.

MNR. BERTELSMANN: Ons het dit duidelik dat die beskikbaar-stelling van die lêers is nie net, miskien is die woord net verkeerd, is nie slegs 'n opdrag wat deur die Staatspresident uitgereik is nie. Dit is ook 'n opdrag wat deur die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag gegee is, nie waar nie? -- Dit is





korrek.

Aan die BSB? -- Dit is korrek.

En waaraan die BSB nog steeds nie voldoen het nie, korrek? -- Ons wou daaraan voldoen sover dit binne ons vermoë op die stadium is.

Ek sien. Nou goed, die noodplan wat u nou in die middel van

Januarie in werking gestel het is in werking gestel teen die agtergrond van die feit dat my agbare geleerde vriend, mnr. McNally, op daardie stadium besig was om ondersoek in te stel na sekere bewerings. Is dit korrek?

VOORSITTER: Nee, ek dink nie dit is reg nie. Ek dink mnr. McNally se verslag is al verlede jaar afgehandel.

MNR. BERTELSMANN: O, dit kan wees. In iedere geval die noodplan is in werking gestel op 'n stadium toe dit duidelik was dat vrae rondom die BSB gestel is. Is dit reg? -- Nee, dit het nie oor die vrae gegaan nie. Dit het oor die dinge wat ek vandag hier vir u almal reeds gesê het waaroor dit gegaan het en dit gaan oor individue se identiteite en seku-riteit. Dit het niks te doen rondom die probleem nie. Dit is rondom die bekendmaking. In my verklaring het ek vroeër gelees van waarom daar so opgetree word en dit is om te ver-hoed dat daar onnodige ontbloting plaasvind, 'n selfbe-skermingmaatreël en dit het niks te doen met enige vrae wat gevra is oor of op die wyse soos u dit gestel het nie.

Nou u het op daardie stadium, het u dus tot die gevolg-trekking gekom dat ontwikkeling, die ontwikkeling wat besig is om in die land plaas te vind sodanig is dat as gevolg van vei-ligheidstoestande die lêers weggesteek moet word. Is dit reg?

VOORSITTER: Dat die noodplan in werking gestel moet word.

MNR. BERTELSMANN: Is dit reg? Is dit korrek? -- Ek sien

dit/...



dit steeds dat dit gaan rondom 'n - noem dit 'n etiese verant-woordelikheid teenoor mense wat nie onnodig in 'n posisie gestel moet word waar hulle probleme kan optel nie. As u dit nou noem die veiligheidsituasie dan hoop ek ons persepsies is dieselfde.

Nou dan verstaan ek nog minder waarom u in daardie omstandighede die buitelandse lêers inderdaad beskikbaar kan stel. Dit moet mos die posisie van die BSB nog baie erger in gevaar stel? -- Hoekom dink u so?

Dit is die grootste deel van die werk as ons die getuienis reg verstaan, teen dieselfde vyand. -- Dit mag, u kan so dink.

Is dit nie so nie?

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, die verskil is net dat hierdie lêers word nou, soos ons gereël het, op 'n baie be-perkte wyse, slegs aan ons geleerde vriend mnr. McNally en aan die ouditeur-generaal beskikbaar gestel en nie aan die Kommissie en aan die publiek in die breë nie.

VOORSITTER: Ja, maar u weet as ek lêers kon kry wat my enigsins behulpsaam sou wees, dan sou ek dit ook op daardie manier hanteer het. So as jy lêers kon sien en hulle kan deurgaan, dit hoef nie in die openbaar te gebeur nie, ons kon dit op dieselfde manier hanteer het as die buitelandse lêers, maar ek bedoel dit help nie - ons gaan nie weer daardie debat voer nie.

MNR. HATTINGH: Ek aanvaar dit volkome.

MNR. BERTELSMANN: Nou ek dink u sal saamstem dat u hierdie verduideliking toe u in Maartmaand vanjaar versoek is om 'n beëdigde verklaring aan hierdie Kommissie beskikbaar te stel, nie gegee het nie, korrek? -- Ja.

En/...



En inderdaad is die verduideliking wat u toe in u beëdigde verklaring van 16 Maart gegee het, nie korrek nie? -- Ek sien dit nie so nie.

VOORSITTER: Maar in ieder geval die feit is u het u beëdigde verklaring vir die Kommissie gegee, is dit voor u òf na u aan-houding, dit is voor die aanhouding né? -- Ek is nou nie honderd

persent seker of dit voor dit was nie.

Mnr. Hattingh weet u?

MNR. HATTINGH: Die verklaring is 16 Maart en ek dink hy was op 8 April arresteer? -- Ja, dit is reg.

8 Maart, jammer.

VOORSITTER: Was hy 8 Maart...?

MNR. HATTINGH: Kan ons net seker maak oor die datums.

MNR. BERTELSMANN: Die datum is die eerste, die vraag en antwoord ...?

VOORSITTER: Nee, die vraag is wanneer die persoon aangehou is die eerste keer? -- Ek dink dit is teen die einde van Maart.

MNR. HATTINGH: Hy is aangehou van 2 tot 8 Maart as my inligting korrek is.

VOORSITTER: So dit is na die aanhouding.

MNR. BERTELSMANN: Dit was na die aanhouding. Ons kan later na die ander verduideliking, na u ander verklaring terugkeer. Op dié stadium wil ek kortliks handel met u getuienis ten opsigte van die struktuur van die BSB. Het ek u reg verstaan dat u in u hoedanigheid as besturende direkteur geen projek finaal goedkeur nie? -- Dit is korrek.

En getuienis tot die effek dat u in staat sou wees of bevoeg sou gewees het om projekte goed te keur in terme van die interne struktuur van die BSB is nie korrek nie? -- In terme van die interne struktuur?

Ja/...



Ja, van die gesagsfunksies in die BSB? -- Ja, dit is ook weer 'n verskil. Interne struktuur kan ek verstellings maak, maar dit sal nog in samewerking met die voorsitter wees.

Nee, maar vir my gaan dit nou oor projekte soos in werk wat die BSB doen, dinge wat die BSB doen, dit kan u nie goed-keur nie?

-- Dit is korrek.

Nie binnelands nie en ook nie buitelands nie? -- Dit is korrek.

Met ander woorde elke projek wat deur die BSB aangepas is, is 'n projek wat ten minste deur generaal Webb goedgekeur is. Is dit reg?-- Dit is korrek.

En in besondere gevalle self die goedkeuring van generaal Webb sou nie voldoende gewees het nie. Is dit reg? -- Dit sal generaal Webb se besluit wees. Dit kan wees.

Dra u kennis daarvan of nie? -- Ek kom nie by generaal Webb se kantoor nie. Ek weet nie of generaal Webb dit daar-vandaan verder hanteer nie.

Goed, maar indien daar byvoorbeeld projekte bestaan het ten opsigte van mnr. Gavin Evans of mnr. Dullah Omar, dan is dit projekte wat deur generaal Webb goedgekeur is. Is dit reg? -- Herhaal die vraag asseblief?

Indien daar projekte van ten opsigte sê maar Gavin Evans en Dullah Omar bestaan het, dan is dit projekte wat deur generaal Webb goedgekeur moes gewees het? -- Indien dit sou wees, ja.

Met ander woorde waar ons dan weet dat projekte van stapel gestuur is kan ons aanvaar dat daardie projekte werklik deur generaal Webb se hande gegaan het? -- Waar - magtiging moes wel plaasgevind het.

Nou is ons ad idem dat daar 'n projek ten opsigte van

Gavin/...



Gavin Evans bestaan? -- Dit is, soos ek vir u gesê het, in my verklaring gaan dit rondom monitering.

Nee, ek praat van 'n projek om Gavin Evans te elimi-neer? -- Nee, daar het nie so 'n magtiging plaasgevind nie.

Daar het geen so 'n magtiging plaasgevind nie. So met ander woorde as daar getuienis voor hierdie Kommissie is dat daar 'n

projek van stapel gestuur is om Gavin Evans om die lewe te bring dan was dit nie aan u of aan generaal Webb voor-gelê nie? -- Wat ek graag nog op hierdie stadium wil sê:  As daar enigsins gekyk word, na waarna u verwys, bedoelende Streek 6 dan beteken dit dat die streekbestuurder van Streek 6 het opgetree.   Die redes waarom hy enige soiets doen weet ek nie, maar ek sal graag op hierdie stadium, indien daar iets in dier voege gebeur het soos wat u dit nou stel, sou ek graag myself op dieselfde privilegie beroep as die res.

VOORSITTER:   As daar iets gebeur het? -- As daar iets sou gebeur het uit hoofde van die feit dat ek die bestuurder is en dat ek .... (tussenbei)

U sien, ek het 'n probleem met u privilegie, laat ons dit nou net 'n bietjie uitsorteer:  U sê dat Gavin Evans is gemonitor deur BSB.   U sê dat daar was geen magtiging om hom te elimineer nie? -- Dit is korrek.

Daar was nie magtiging deur generaal Webb nie, het ek dit reg? -- Om hom te elimineer nie.

Ja en daar was ook nie magtiging deur u nie? -- Dit is hoe ek dit gesê het, ja.

Nou goed, dan is die volgende vraaag is, was daar wat ek in die lig van daardie antwoord ek nie sien u kan inkrimineer nie is - die vraag is:  Was daar 'n voorlegging gemaak aan u vir sy eliminasie? -- Nee, behalwe monitering was daar nie.

Ek/...



Ek antwoord, ek het suiwer die antwoorde gegee uit hoofde van die feit dat ek vertroue het in mnr. Burger as die streekbe-stuurder en ek voel dat, die redes weet ek nie hoekom hy dit gedoen het en waarom hy dit gedoen het nie en en op daardie basis dit so toe geantwoord het.

Maar wat u aanbetref het dit nie verby hom tot by u gestrek nie? -- Nee, dit het nie.

En as mnr. Van Zyl sê u daartoe toegestem het? -- Ekskuus?

Ek weet nie, ek weet nie of my herinnering reg is nie, maar ek dink mnr. Van Zyl het gesê u het daartoe ingestem. -- Wat vir my opvallend was in mnr. Van Zyl se verklaring, as 'n lid wat in die buitekring gesit het is dat hy 'n beeld probeer skep het dat hy elke dag met my gepraat het. As ek drie of vier keer met mnr. Van Zyl gepraat het is dit baie. Dit is hoe ek dit, hoekom hy dit gedoen het, weet ek nie, dit is ...

(tussenbei)

Nee-nee, maar die vraag is, ek dink u wou geantwoord het, maar u het nie spesifiek geantwoord nie. Beteken dit dat u betwis as mnr. Van Zyl sê dat u magtiging daartoe gegee het? -- Vir 'n eliminering, ja.

MNR. BERTELSMANN: Met ander woorde as daar getuienis is dat daar geld, duisende rande spandeer is om die projek vir die eliminasie van mnr. Gavin Evans van stapel te stuur, dan het u daarvan niks geweet nie, u was totaal onbewus daarvan? -- Ek hou daarby dat dit gegaan het oor monitering.

Ja-nee ...? -- En gelde kon in monitering vir baie redes ook uitgegee gewees het.

As daar geld gespandeer is op 'n plan wat daarop gemik was om mnr. Gavin Evas te elimineer dan dra u daarvan nie

kennis/...



kennis nie? -- As - dit is korrek.

Met ander woorde moet ons dan die afleiding maak dat indien daar lede van die BSB is wat getuig dat hulle betrokke was by so 'n plan en dat daar wel 'n projek bestaan het om mnr. Gavin Evans te elimineer dat dit daarop dui dat daar in die BSB se Streek 6

'n besonder ongedissiplineerde optrede plaasgevind het? -- Nee, soos ek sê ek het dit gesien as moni-tering. Al wat hulle moes gedoen het was om te kyk na hom en waar daar kostes kon wees en hoe hulle gedink het en of dit so is kan ek nie vir u sê nie.

VOORSITTER: Maar die punt, ek dink wat mnr. Bertelsmann maak, is 'n eenvoudige punt. Hy sê: U gee opdrag of u magtig, u en die generaal magtig 'n monitering en nou sê hy goed, aanvaar vir 'n oomblik in pleks van te monitor, probeer hulle

K59 elimineer, reg? -- Ek verstaan dit so.

Ons aanvaar dit vir 'n oomblik. Dan sê hy daar is eintlik twee moontlikhede. Of die een is dat in daardie streek het die mense hulle nie veel gesteur aan magtigings nie en hulle het maar net eenvoudig willekeurig opgetree, dit is die een moontlikheid. Of die ander moontlikheid is dat die opdrag so vaag was dat dit vatbaar was vir twee interpreta-sies. Nou wat sê u daarvan? -- Nee, ek dink nie daar is enige opdragte wat kon vaag wees nie en dit kon wees soos u dit gestel het.

Die eerste moontlikheid? -- Ja.

Met ander woorde dat hulle hulle bevoegdhede te buite gegaan het as hulle dit gedoen het. Kom ons aanvaar mnr. Van Zyl praat die, hy het dit nou gedoen, hy het iemand probeer elimineer sonder magtiging. -- Dit is reg.

MNR. BERTELSMAN: En soortgelyk sou ons tot dieselfde

gevolgtrekking/...



gevolgtrekking moet kom ten opsigte van die voorgestelde eli-minering van Dullah Omar? -- Nee, daar was geen voorgestelde eliminering van ... (tussenbei)

En as daar getuienis is dat daar inderdaad met mense planne beraam is om mnr. Omar om die lewe te bring, dat hulle van 'n wapen voorsien is om dit te doen. -- Ek weet nie, ek kan nie. My opdrag

gaan rondom dit soos wat ek dit gestel het en wat toe verder gebeur het kan ek dan nie sê nie.

En dat derduisende rande uitbetaal is aan die voorge-stelde sluipmoordenaar? -- Nee, ek dink daar kan baie ver-draaiings rondom dit wees. Dit gaan daaroor dat 'n onderbou moet geskep word. Daar was gepraat van op alle terreine. As 'n mens praat van 20, 30 bendelede om 'n stelsel of 'n struktuur te skep om in posisie te wees om linkse elemente dop te hou dan voel ek dat as dit hand uitgeruk het was dit een of ander individu of dit is 'n leuen.

Ek neem kennis van die gebruik van die woord "bendelede". U kan nie ontken dat daar inderdaad 'n poging aangewend is om mnr. Dullah Omar te elimineer nie, nie waar nie deur 'n lid of lede van die bende? -- Al wat ek vir u kan sê is wat ek in die koerante later gelees het.

Wat weer eens daarop sou dui dat daar 'n gebrek aan dissipline is, nie waar nie? -- Nee, dit is nie noodwendig so nie.

Moes nie daarvan geweet het nie? -- Dit is nodig dat ek sou weet en ... (tussenbei)

Hier word bedrae van R15 000 genoem. -- Maar die bedrae wat ek van praat is in terme van om 'n stelsel te skep, om 'n struktuur te skep.

Nee, ten opsigte van hierdie spesifieke eliminasie

projek/...



projek. U moes van die projek as sodanig geweet het, nie waar nie? -- Ek het u verduidelik rondom die stelsel.

Is dit nie in die lig van hierdie stelsel interessant dat u op die oggend van 2 Mei 1989 of dan kort daarna vir u lede in Streek 6 gevra het of enigeen van hulle betrokke was by dr. Webster se moord nie? -- Nee, dit is - wel dit is in die lig van die inligtingsgemeenskap.

Wel u het vir ons agbare voorsitter 'n antwoord gegee op 'n vraag van hom wat besonder insiggewend was. U het gesê in die eerste instansie u het dit as deel van u normale werk-situasie met die lede bespreek of hulle vir dr. Webster ge-skiet het aldan nie? -- Ek het navraag gedoen uit, u het gepraat van 'n stelsel, ek bedoel daarby 'n inligtingstelsel en dit is die normale milieu waarin ek beweeg en uit hoofde daarvan is dit 'n baie natuurlike navraag.

Daar is 'n verdere vraag aan u gestel en dit is weet u of dit moontlik is of nie dat dit een van die lede van die BSB was, kan u onthou dat my geleerde vriend u daardie vraag gestel het? -- Op my navraag is daar bevestig dat daar glad nêrens iemand betrokke was nie.

Kan u onthou dat my geleerde vriend vir u gevra het of dit moontlik is of nie dat 'n lid van die BSB vir dr. David Webster vermoor het, kan u dit onthou? -- Ja, ek kan dit onthou.

Goed en dat u daarop geantwoord het, dit verwsende na die BSB, skep die moontlikheid, daar bestaan so 'n moontlikheid dat soiets kon gebeur het omdat u die mense nie elke dag daagliks onder kontrole gehad het nie, korrek? Dit was u antwoord.-- Dit is korrek.

So uit daardie ... (tussenbei)

VOORSITTER:/...



VOORSITTER: Daar is natuurlik net een probleem met wat u netnou gestel het, u het gesê in die lig van die Omar en die Evans gebeure daarom het dit gebeur op 2 Mei. Die probleem is dat die Omar en Evans gebeure is na Meimaand gewees.

MNR. BERTELSMANN: Nee, verskoning ek het nie gesê - nie daarom nie, ek het gesê in die lig daarvan.

VOORSITTER: Ja, in die lig daarvan, maar die lig het eers na die tyd opgegaan.

MNR. BERTELSMANN: Nee, dit is dieselfde lig, naamlik die ge-brek aan dissipline of dan die personeelstruktuur van die BSB.

VOORSITTER: O, ek het gedink u het gesuggereer dat omdat daar ... (tussenbei)

MNR.BERTELSMANN: Die kronologiese volgorde andersom is, nee, jammer dan het ek myself onelegant uitgedruk, maar in ieder geval - so met ander woorde u het nog 'n interessante stel-ling gemaak mnr. Verster - eintlik is interessant nie die regte woord nie - u het gesê mnr. Webster is nie as 'n spesifieke projek oorweeg nie, korrek? -- Dit is korrek.

Nou uit hierdie getuienis van u kan 'n mens, moet 'n mens die volgende afleidings onder andere maak:

1. U het daardie navrae by lede van die BSB ten opsigte van die moord op dr. Webster gedoen omdat u besef het, omdat u die mening toegedaan was dat die BSB-lede het wat in staat sou wees om dr. Webster te vermoor, korrek?

-- Nee, dit is nie korrek nie. Dit is u afleiding.

U antwoord aan ons agbare Kommissaris op 'n vraag van my geleerde vriend, mnr. McNally, of dit kon gebeur het dat die BSB-lede vir dr. Webster vermoor het was, dit kon gewees het, dit is moontlik, want u is nie van dag tot dag in beheer van die lede van Streek 6 van die BSB nie. -- Dit kon 'n advokaat

gewees/...



gewees het wat vir dr. Webster vermoor het. Ek het nie beheer oor die optrede van 'n individu in sy privaat hoedanigheid nie. Dit het ek vanoggend bedoel, dit het ek nou bedoel. As die vrae so gestel word dat jy in 'n kraal ingelei word het ek 'n antwoord op die ou einde op gegee. Dit het ek baie duide-lik vir u probeer

stel.

U het dit nie nodig gevind om die lede van die Pretoriase Balie gedurende die eerste week van Meimaand te vra of hulle dalk vir dr. Webster vermoor het nie, nie waar nie? -- Ek het nie kontak met hulle nie.

Maar u het dit nodig gevind om die lede van die BSB te vra of hulle nie betrokke was by die moor van dr. Webster nie, volgens u eie getuienis? -- Dit is, in my inligtingsmilieu doen ek navraag, ek kan dit deurvoer, ek kan as 'n bron ageer vir die res van die inligtingsgemeenskap, ek kon dit aan die polisie oorhandig het, ek kon dit selfs - op daardie manier kon dit by u uitgekom het.

En u kon daardie vraag aan die lede van die BSB slegs gestel het indien die lede van die BSB in staat was om dit te doen? -- Nee, enigiemand is wat normaal is, is in staat om dit te doen.

Dit is in 'n privaat ... (tussenbei)

En dit gaan verder as dit, u kon daardie vraag net gestel het ten opsigte van dr. David Webster, indien dr. David Webster binne die kader van mense teen wie die BSB opgetree het, geval het indien hy 'n potensiële slagoffer van lede van die BSB se optrede was, soos wat mnr. Dullah Omar en mnr. Gavin Evans beoogde slagoffers van lede van die BSB was.
-- Dit kan u mening wees.

Nee, dit is 'n feit, wat uit u eie getuienis uit voort-spruit en u kon daardie stelling ten aansien van die feit dat

dr. Webster/...



dr. Webster nie as 'n spesifieke projek oorweeg is nie, ook net gemaak het, indien die BSB inderdaad moord van linkse aktiviste as spesifieke projekte kon oorweeg het?

MNR. HATTINGH: Nee, mnr. die Voorsitter, met respek, 'n spesifieke projek kan ook die monitering van 'n persoon wees.

MNR. BERTELSMANN: Indien daardie afleiding van my ongereg-verdig is, nie geregverdig is nie, dan sou die getuie moes gesê het en dan sou hy gesê het moord ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, kom ons los maar die argument uit. Ek persoonlik het altyd 'n probleem wat iemand moes gesê het as 'n vraag hom nie direk gevra is nie, dan is dit altyd vir my baie moeilik om afleidings te maak oor wat hy moes gesê het onder daardie omstandighede.

MNR. BERTELSMANN: Ja, maar met respek mnr. die Voorsitter, ek dink die afleiding was nie onbillik nie.

VOORSITTER: Ja, die afleiding kan u argumenteer.

MNR. BERTELSMANN: En in ieder geval die getuie het nou reeds daarmee gehandel. Kom ons gaan verder, u sê dat die lede wat u gevra het of hulle verantwoordelik was vir die dood van dr. Webster, dit ontken het nie waar nie? -- Dit is korrek.

Nou uit die aard van die saak het u nie verwag ...? -- Ekskuus?

Kom ons stel dit so: Optredes van die BSB moes na buite onder alle omstandighede geheim gehou word, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En tot vandag toe nog geheim gehou word? -- Dit is korrek.

Kom ons gaan vir 'n oomblik na u verklaring wat u gemaak het op 2 Februarie vanjaar, het u dit voor u?

VOORSITTER: Waaroor gaan dit mnr. Bertelsmann?

MNR. BERTELSMANN:/...



MNR. BERTELSMANN: Dit is vraag 45 ten opsigte van die grappies.

VOORSITTER: Ja, maar ek dink die getuie het sy standpunt daaroor gehuldig.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 17 MEI 1990.

---oOo---

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Harms Commission of Inquiry**
*Location:-*
**©1990**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.